ANGLO AMERICAN CORPORATION OF SOUTH AFRICA LTD.
RECEIVED 8-2-1972
RETURN TO LIBRARY

STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE

REGULASIEKOERANT No. 1566
As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

PRYS 10c PRICE
OORSEE 15c OVERSEAS
POSVRY—POST FREE

REGULATION GAZETTE No. 1566
Registered at the Post Office as a Newspaper

VOL. 80] PRETORIA, 2 FEBRUARIE 1972 / 2 FEBRUARY 1972 [No. 3373

## PROKLAMASIES

*van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika*

No. R. 6, 1972

WETGEWENDE RAAD VAN OOS-CAPRIVI

Nademaal die Naturellevolk van Oos-Caprivi in verband met die instelling van 'n wetgewende raad vir Oos-Caprivi en die wyse waarop sodanige raad en 'n uitvoerende raad saamgestel moet word, behoorlik geraadpleeg is;

So is dit dat ek kragtens die bevoegdheid my verleen by artikels 3, 4 en 6 van die Wet op die Ontwikkeling van Selfbestuur vir Naturellevolke in Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 54 van 1968), hierby as volg verklaar:

DIE WETGEWENDE RAAD

*Instelling van Wetgewende Raad*

1. 'n Wetgewende raad vir Oos-Caprivi wat bekend sal staan as die Wetgewende Raad van Oos-Caprivi word hierby ingestel met setel te Ngweze.

*Samestelling van Wetgewende Raad*

2. (1) Behoudens die bepalings van artikel 4, bestaan die Wetgewende Raad uit hoogstens 28 lede wat op die volgende wyse bepaal word, naamlik:

(a) Die kaptein en hoogstens 13 persone aangewys deur die Mafwestamowerheid; en

(b) die kaptein en hoogstens 13 persone aangewys deur die Basubiastamowerheid.

(2) 'n Stamowerheid moet, ten opsigte van die aanwysing deur hom van lede kragtens subartikel (1), voor die eerste sessie van die Wetgewende Raad en binne 14 dae na die publikasie van hierdie Proklamasie, die Direkteur, wat die administratiewe hoof van die Departement van Owerheidsake en Finansies is, van Oos-Caprivi in kennis stel van die naam en adres van elke lid deur hom aangewys en moet, na die aanvang van die eerste sessie van genoemde Raad, die Voorsitter van genoemde Raad binne 14 dae na die datum waarop 'n vakature ontstaan het, in kennis stel van die naam en adres van die lid wat deur hom aangewys is om die vakature aan te vul.

## PROCLAMATIONS

*by the State President of the Republic of South Africa*

No. R. 6, 1972

EASTERN CAPRIVI LEGISLATIVE COUNCIL

Whereas the Native Nation of Eastern Caprivi has been duly consulted in regard to the establishment of a legislative council for Eastern Caprivi and the manner in which such council and an executive council shall be constituted;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by sections 3, 4 and 6 of the Development of Selfgovernment for Native Nations in South-West Africa Act, 1968 (Act 54 of 1968), I hereby declare as follows:

THE LEGISLATIVE COUNCIL

*Establishment of Legislative Council*

1. There is hereby established a legislative council for Eastern Caprivi, to be known as the Eastern Caprivi Legislative Council, with its seat at Ngweze.

*Constitution of Legislative Council*

2. (1) Subject to the provisions of section 4, the Legislative Council shall consist of not more than 28 members determined in the following manner, namely:

(a) The Chief and not more than 13 persons designated by the Mafwe Tribal Authority; and

(b) the Chief and not more than 13 persons designated by the Basubia Tribal Authority.

(2) A tribal authority shall, in respect of the designation by it of members in terms of subsection (1), before the first session of the Legislative Council, and within 14 days of the publication of this Proclamation advise the Director, who is the administrative head of the Department of Authority Affairs and Finance, of Eastern Caprivi of the name and address of every member designated by it and shall, after the commencement of the first session of the said Council, advise the Chairman of the said Council within 14 days of the date upon which a vacancy occurred of the name and address of the member designated by it to fill the vacancy.

*Verteenwoordigers van Lede*

3. (1) Behoudens die bepalings van artikel 4, kan 'n kaptein, na oorlegpleging met die betrokke stamowerheid, of 'n stamowerheid 'n persoon nomineer om 'n sessie van die Wetgewende Raad by te woon namens onderskeidelik die kaptein of 'n lid wat deur daardie stamowerheid ingevolge artikel 2 (1) aangewys is, welke kaptein of welke lid nie 'n Raadslid is nie.

(2) 'n Persoon genomineer kragtens subartikel (1) kan deelneem aan al die verrigtings aangaande enige saak wat in die Wetgewende Raad dien by afwesigheid van die lid namens wie hy 'n vergadering bywoon.

(3) Die betrokke kaptein of stamowerheid kan die nominasie van 'n persoon kragtens subartikel (1) te eniger tyd intrek.

(4) Die betrokke stamowerheid moet die Voorsitter van die Wetgewende Raad so gou doenlik verwittig van die naam van 'n persoon genomineer kragtens subartikel (1), die naam van die kaptein of ander lid namens wie hy die sessie gaan bywoon en die bepaalde sessie of die tydperk wat hy dit sal bywoon, asook van die intrekking van die nominasie van enige persoon kragtens subartikel (3).

*Bevoegdheid van Lede*

4. (1) Niemand is bevoeg om lid van die Wetgewende Raad te word of te wees nie of om kragtens artikel 3 genomineer te word om 'n sessie van die Wetgewende Raad by te woon nie—

(a) tensy hy bo die ouderdom van 21 jaar is;

(b) tensy hy lid van die Naturellevolk van Oos-Caprivi is;

(c) indien hy kragtens die bepalings van enige wet van toepassing in Oos-Caprivi skuldig bevind is—

(i) aan hoogverraad of 'n misdryf wat die veiligheid van die Staat in gevaar stel;

(ii) aan enige ander misdryf en daarvoor gevonnis is tot gevangenisstraf vir 'n tydperk van meer as een jaar sonder die keuse van 'n boete en gemelde tydperk nie minstens drie jaar voor die datum waarop hy andersins bevoeg sou wees om lid van die Wetgewende Raad te wees, verstryk het nie;

(d) indien hy onderworpe is aan 'n hofbevel waarby hy of geestelik gekrenk of gebrekkig verklaar is kragtens die Wet op Geestesgebreken, 1916 (Wet 38 van 1916), soos van toepassing gemaak op die gebied Suidwes-Afrika by die Wet op Geestesgebreke in Suidwes-Afrika, 1926 (Wet 22 van 1926).

(2) Vir doeleindes van subartikel (1) (c) word 'n persoon wat ten volle begenadig is, geag nie aan die betrokke misdryf skuldig bevind te gewees het nie.

*Ontruiming van Setels van Lede*

5. Die setel van 'n lid van die Wetgewende Raad word geag ontruim te wees—

(a) by die afsterwe van sodanige lid;

(b) indien hy kragtens artikel 4 nie bevoeg is om 'n lid van die Wetgewende Raad te word of te wees nie;

(c) in die geval van 'n lid wat 'n kaptein is, indien hy ophou om 'n kaptein te wees;

(d) in die geval van 'n lid wat nie 'n kaptein of Raadslid, of die Voorsitter of die Ondervoorsitter van die Wetgewende Raad is nie, indien sy aanwysing as lid deur die betrokke stamowerheid herroep word.

*Representatives of Members*

3. (1) Subject to the provisions of section 4, a Chief, after consultation with the relative tribal authority, or a tribal authority may nominate a person to attend a session of the Legislative Council on behalf of the chief or on behalf of a member designated by that tribal authority in terms of section 2 (1), respectively, such Chief or such member not being a Councillor.

(2) A person nominated under subsection (1) may participate in all the proceedings in connection with any matter brought before the Legislative Council in the absence of the member on whose behalf he attends a meeting.

(3) The Chief or tribal authority concerned may at any time revoke the nomination of a person under subsection (1).

(4) The tribal authority concerned shall notify the Chairman of the Legislative Council as soon as possible of the name of a person nominated under subsection (1), the name of the Chief or other member on whose behalf he is to attend a session and the particular session or the period he is to attend and also of the revocation of the nomination of any person under subsection (3).

*Qualification of Members*

4. (1) No person shall be qualified to become or be a member of the Legislative Council or to be nominated in terms of section 3 to attend a session of the Legislative Council—

(a) unless he is over the age of 21 years;

(b) unless he is a member of the Native Nation of Eastern Caprivi;

(c) if he has been convicted in terms of any law applicable in Eastern Caprivi—

(i) of treason or of any offence endangering the safety of the State;

(ii) of any other offence and sentenced therefor to a term of imprisonment in excess of one year without the option of a fine and the said term has not expired at least three years before the date on which he would otherwise qualify for membership of the Legislative Council;

(d) if he is subject to an order of court declaring him to be mentally disordered or defective under the Mental Disorders Act, 1916 (Act 38 of 1916), as made applicable to the Territory of South-West Africa by the South-West Africa Mental Disorders Act, 1926 (Act 22 of 1926).

(2) For the purposes of subsection (1) (c) a person who has been granted a free pardon shall be deemed not to have been convicted of the offence concerned.

*Vacation of Seats by Members*

5. The seat of a member of the Legislative Council shall be deemed to have been vacated—

(a) upon the death of such member;

(b) if in terms of section 4 he is not qualified to become or be a member of the Legislative Council;

(c) in the case of a member who is a Chief, if he ceases to be a Chief;

(d) in the case of a member not being a Chief or a Councillor or the Chairman or Deputy Chairman of the Legislative Council, if his designation as a member is revoked by the tribal authority concerned.

*Sessies van die Wetgewende Raad*

6. Daar moet minstens een maal in elke jaar 'n sessie van die Wetgewende Raad plaasvind sodat daar nie 'n tydperk van meer as 15 maande tussen die laaste sitting van die Wetgewende Raad in een sessie en sy eerste sitting in die daaropvolgende sessie verloop nie.

*Bywoning van Sittings van die Wetgewende Raad deur Verteenwoordigers van die Republiek*

7. Die Staatspresident, die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, die Kommissaris-generaal en enige persoon spesiaal daartoe gemagtig deur die Staatspresident, kan enige sitting van die Wetgewende Raad bywoon en toespreek.

## DIE UITVOERENDE RAAD

*Samestelling van Uitvoerende Raad*

8. (1) Die Uitvoerende Raad bestaan uit vier lede (hierin Raadslede genoem) en bestaan uit die persone in artikel 9 genoem.

(2) Een van hierdie Raadslede word ingevolge artikel (10) tot Hoofraadslid verkies.

(3) Die Hoofraadslid of (in sy afwesigheid) 'n Raadslid deur hom aangewys, sit voor op alle vergaderings van die Uitvoerende Raad.

(4) Wanneer die amp van Hoofraadslid vakant raak of die Hoofraadslid afwesig is of nie in staat is om op te tree nie, en geen Raadslid ingevolge subartikel (3) aangewys is om as Hoofraadslid op te tree nie, wys die Raadslede een uit hul geledere aan om as Hoofraadslid op te tree totdat die vakature aangevul word of, na gelang van die geval, totdat die Hoofraadslid in staat is om sy werksaamhede te hervat.

*Lede van die Uitvoerende Raad*

9. Benewens die kaptein van elke stam wat *ex officio* 'n Raadslid is, moet elke stamowerheid 'n lid wat deur hom ingevolge artikel 2 aangewys is, as Raadslid nomineer en moet die Voorsitter van die Wetgewende Raad skriftelik in kennis stel van die naam van die persoon aldus genomineer.

*Verkiesing van Hoofraadslid*

10. (1) Nadat die twee Raadslede wat ingevolge artikel 9 genomineer moet word, genomineer is, moet die Hoofraadslid deur die Wetgewende Raad uit die geledere van die Raadslede verkies word op die wyse soos in hierdie artikel bepaal.

(2) Nominasie van kandidate vir verkiesing tot Hoofraadslid moet deur die Voorsitter van die Wetgewende Raad op die sitting van die Raad waarop die verkiesing gaan plaasvind, gevra word.

(3) Elke nominasie moet skriftelik ingedien word en moet deur die voorsteller en twee lede van die Wetgewende Raad asook deur die persoon wat genomineer word, tensy laasgenoemde skriftelik te kenne gegee het dat hy gewillig is om nominasie te aanvaar, onderteken word.

(4) Die name van die behoorlik genomineerde persone moet op die sitting waarop die verkiesing gaan plaasvind, deur die Voorsitter aangekondig word en geen debat word by die verkiesing toegelaat nie.

(5) Indien daar ten opsigte van enige verkiesing slegs een nominasie ontvang word, verklaar die Voorsitter die betrokke kandidaat as behoorlik verkies.

(6) Waar twee kandidate vir verkiesing genomineer word, vind 'n geheime stemming plaas op die wyse soos bepaal vir die verkiesing van 'n Voorsitter in die Reglement van Orde van die Wetgewende Raad van Oos-Caprivi en enige kandidaat ten gunste van wie die

*Sessions of the Legislative Council*

6. There shall be a session of the Legislative Council at least once in every year so that the period between the last sitting of the Legislative Council in one session and its first sitting in the next session shall not exceed 15 months.

*Attendance of Sittings of the Legislative Council by Representatives of the Republic*

7. The State President, the Minister of Bantu Administration and Development, the Commissioner-General and any person specially authorised thereto by the State President may attend and address any sitting of the Legislative Council.

## THE EXECUTIVE COUNCIL

*Constitution of Executive Council*

8. (1) The Executive Council shall consist of four members (herein referred to as Councillors), and shall consist of the persons referred to in section 9.

(2) One of these Councillors shall be elected Chief Councillor in terms of section 10.

(3) The Chief Councillor or (in his absence) a Councillor designated by him shall preside at all meetings of the Executive Council.

(4) Whenever the office of Chief Councillor becomes vacant or the Chief Councillor is absent or unable to act and no Councillor has been designated in terms of subsection (3) to act as Chief Councillor, the Councillors shall designate one of their number to act as Chief Councillor until the vacancy is filled or, as the case may be, until the Chief Councillor is able to resume his functions.

*Members of the Executive Council*

9. In addition to the Chief of each tribe who shall be a Councillor *ex officio*, each tribal authority shall nominate a member designated by it in terms of section 2 to be a Councillor and shall notify the Chairman of the Legislative Council in writing of the name of the person so nominated.

*Election of Chief Councillor*

10. (1) After the nomination of the two Councillors in terms of section 9, the Chief Councillor shall be elected by the Legislative Council from among the Councillors in the manner provided for in this section.

(2) Nominations of candidates for election as Chief Councillor shall be called for by the Chairman of the Legislative Council at the sitting of the Council at which the election is to take place.

(3) Each nomination shall be submitted in writing and shall be signed by the proposer and two members of the Legislative Council, as well as by the person nominated, unless he has in writing signified his willingness to accept nomination.

(4) The names of the persons duly nominated shall be announced by the Chairman at the sitting at which the election is to take place, and no debate shall be allowed at the election.

(5) If in respect of any election only one nomination is received, the Chairman shall declare the candidate concerned to be duly elected.

(6) Where two candidates are nominated for election, a vote shall be taken by secret ballot in the manner provided for the election of a Chairman in the Rules of Procedure of the Eastern Caprivi Legislative Council and

meerderheid van al die stemme uitgebring, aangeteken is, word deur die Voorsitter van die Wetgewende Raad verklaar as behoorlik verkies.

(7) Waar twee kandidate genomineer is en hulle ewe veel stemme kry, word een verdere stemming ten opsigte van die twee kandidate gehou. Indien by hierdie verdere stemming daar nog 'n staking van stemme voorkom, gaan die Wetgewende Raad oor om deur loting, op die wyse wat hy bepaal, die kandidaat wat tot Hoofraadslid verklaar sal word, aan te wys. Die kandidaat wat 'n meerderheid van die stemme uitgebring, ontvang of wat deur loting aangewys word, na gelang van die geval, word deur die Voorsitter tot Hoofraadslid verklaar.

*Ampstermyn van Raadslede*

11. Behoudens die bepalings van artikel 13—

(a) beklee die Hoofraadslid sy amp totdat sy opvolger verkies is op die vyfde gewone sessie van die Wetgewede Raad wat gehou word na die sessie waarop hy verkies is; en

(b) beklee 'n ander Raadslid as die Hoofraadslid sy amp vir 'n tydperk van vyf jaar vanaf die datum waarop hy genomineer is.

*Versoekskrif om Ontslag van Raadslid*

12. (1) In die geval van—

(a) 'n Raadslid wat nie die Hoofraadslid is nie, kan die stamowerheid wat hom kragtens artikel 9 genomineer het of die Wetgewende Raad, en

(b) 'n Raadslid wat die Hoofraadslid is, kan die Wetgewende Raad,

om gegronde en oortuigende redes by versoekskrif, oorgedra deur die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, die Staatspresident versoek om hom van sy amp te onthef en die Staatspresident kan, indien hy dit dienstig ag, sodanige versoekskrif toestaan.

(2) Die beslissing van die Staatspresident oor sodanige versoekskrif word aan die Voorsitter van die Wetgewende Raad oorgedra wat onmiddellik die stamowerheid en die betrokke Raadslid van die beslissing moet verwittig.

(3) Indien die Staatspresident die versoekskrif toestaan, word die vakature wat as gevolg daarvan ontstaan, aangevul soos in artikel 14 bepaal.

*Ontruiming van Amp deur Raadslede*

13. (1) 'n Raadslid ontruim sy amp—

(a) indien sy setel in die Wetgewende Raad ingevolge artikel 5 (a), (b) of (c) geag word ontruim te wees;

(b) indien hy uit sy amp bedank by skriftelike kennisgewing gerig aan die Voorsitter van die Wetgewende Raad: Met dien verstande dat in die geval van 'n lid wat nie 'n kaptein is nie, sodanige kennisgewing vergesel moet gaan van die skriftelike aanvaarding van sy bedanking deur die stamowerheid deur wie hy aangewys is; of

(c) indien hy ingevolge artikel 12 van sy amp onthef word.

*Vakatures in die Uitvoerende Raad*

14. (1) Enige vakature wat in die Uitvoerende Raad ontstaan, word aangevul vir die onverstreke gedeelte van die ampstermyn—

(a) in die geval van 'n Raadslid wat nie 'n kaptein is nie, deur die nominasie van 'n persoon, op die wyse soos bepaal by artikel 9, deur die betrokke stamowerheid binne 30 dae nadat hy van die vakature verwittig is: Met dien verstande dat 'n stamowerheid geen persoon wat ingevolge artikel 12 van sy amp othef is, mag nomineer nie; en

any candidate in whose favour a majority of all the votes cast is recorded shall be declared duly elected by the Chairman of the Legislative Council.

(7) Where two candidates have been nominated and they receive an equal number of votes one further ballot in respect of the two candidates shall be taken. If at this further ballot there is still an equality of votes the Legislative Council shall proceed to designate by lot in the manner determined by it the candidate who shall be declared Chief Councillor. The candidate who receives a majority of the votes cast or who is designated by lot, as the case may be, shall be declared Chief Councillor by the Chairman.

*Period of Office of Councillors*

11. Subject to the provisions of section 13—

(a) the Chief Councillor shall hold office until his successor is elected at the fifth ordinary session of the Legislative Council held after the session at which he was elected; and

(b) a Councillor other than the Chief Councillor shall hold office for a period of five years from the date on which he was nominated.

*Petition for the Removal of a Councillor*

12. (1) In the case of—

(a) a Councillor who is not the Chief Councillor, the tribal authority which nominated him in terms of section 9 or the Legislative Council, and

(b) a Councillor who is the Chief Councillor, the Legislative Council,

may for sound and cogent reasons by petition, conveyed through the Minister of Bantu Administration and Development, request the State President to remove him from office and the State President may if he deems fit accede to any such petition.

(2) The decision of the State President on such petition shall be conveyed to the Chairman of the Legislative Council who shall immediately advise the tribal authority and the Councillor concerned of the decision.

(3) If the State President accedes to the petition, the resultant vacancy shall be filled as provided for in section 14.

*Vacation of Office by Councillors*

13. (1) A Councillor shall vacate his office—

(a) if, in terms of section 5 (a), (b) or (c), his seat in the Legislative Council is deemed to have been vacated;

(b) if he resigns his office by notice in writing addressed to the Chairman of the Legislative Council: Provided that in the case of a member who is not a Chief, such notice shall be accompanied by written acceptance of his resignation by the tribal authority by which he was designated; or

(c) if he is removed from office in terms of section 12.

*Vacancies in the Executive Council*

14. (1) Any vacancy arising in the Executive Council shall be filled for the unexpired portion of the period of office—

(a) in the case of a Councillor who is not a Chief, by the nomination of a person, as provided for in section 9, by the tribal authority concerned within 30 days of its being advised of the vacancy: Provided that a tribal authority shall not nominate any person who has been removed from office in terms of section 12; and

(b) in die geval van die Hoofraadslid, deur die verkiesing van 'n persoon, op die wyse soos bepaal by artikel 10, binne vier dae na die datum waarop die vakature ontstaan het indien die Wetgewende Raad dan in sessie is, of, indien genoemde Raad nie dan in sessie is nie, word 'n spesiale sessie van genoemde Raad binne 'n tydperk van drie maande na die datum waarop die vakature ontstaan het, vir die doel byeengeroep.

(2) Hangende die aanvulling van 'n vakature ingevolge subartikel (1) of wanneer 'n Raadslid of die Hoofraadslid om welke rede ook al nie in staat is om enige van sy bevoegdhede, werksaamhede of pligte uit te oefen of te verrig nie, kan die oorblywende Raadslede een uit hulle geledere aanstel om in die plek van genoemde Raadslid of, behoudens die bepalings van artikel 8 (3), in die plek van die Hoofraadslid, hetsy in die algemeen of in die uitoefening van enige besondere bevoegdheid of in die verrigting van enige werksaamheid of plig, op te tree.

*Bevoegdhede, Werksaamhede en Pligte van die Uitvoerende Raad*

15. Die Uitvoerede Raad—

(a) moet verantwoordelikheid vir die beheer oor en die administrasie van die verskillende departemente aan die onderskeie Raadslede opdra en toewys;

(b) moet die bevoegdhede, werksaamhede en pligte wat ten opsigte van die verskillende aangeleenthede, soos aangedui in die Bylae van die Wet, uitgeoefen of verrig moet word, aan die onderskeie departemente toewys; en

(c) kan, behoudens die bepalings van artikel 6 (2) van die Wet, sodanige departemente met die oog op beter administrasie, na oorlegpleging met die Personeelraad, herorganiseer.

*Eed vir Raadslede*

16. Elke Raadslid moet, voordat hy sy amp aanvaar, voor 'n persoon aangewys deur die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, 'n eed in die volgende vorm aflê en onderteken, of plegtige verklaring in die plek daarvan:

Ek A.B., sweer hierby dat ek my amp as lid van die Uitvoerende Raad van die Wetgewende Raad van Oos-Caprivi op eervolle en waardige wyse sal beklee; dat ek alle wette wat van toepassing is in Oos-Caprivi sal eerbiedig en handhaaf; dat ek 'n opregte en getroue lid van die Uitvoerende Raad sal wees; dat ek geen sake wat voor die Uitvoerende Raad dien en wat aan my vir geheimhouding toevertrou word, regstreeks of onregstreeks sal openbaar nie; en dat ek my ampspligte met nougesetheid en na my beste vermoë sal nakom; en dat ek voor God onderneem om hierdie eed te eerbiedig.

So help my God.

## WOORDOMSKRYWING EN KORT TITEL

*Woordomskrywing*

17. In hierdie Proklamasie, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

(i) "die Wet" die Wet op die Ontwikkeling van Selfbestuur vir Naturellevolke in Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 54 van 1968);

(ii) "Hoofraadslid" 'n Raadslid verkies tot Hoofraadslid kragtens artikel 10;

(iii) "kaptein" 'n persoon aangestel as kaptein of waarnemende kaptein kragtens artikel 1 (a) van die Naturelle-Administrasie-Proklamasie, 1928 (Proklamasie 15 van 1928) (Suidwes-Afrika), gelees met artikel 2 van Proklamasie 147 van 1939 (Suid-Afrika);

(iv) "Oos-Caprivi" die gebied genoem in artikel 2 van die Wet;

(b) in the case of the Chief Councillor, by the election of a person, as provided for in section 10, within 4 days of the date on which the vacancy occurred if the Legislative Council is then in session or, if the said Council is not then in session, a special session thereof shall be convened for the purpose within a period of three months of the date on which the vacancy occurred.

(2) Pending the filling of a vacancy in terms of subsection (1) or whenever any Councillor or the Chief Councillor is, for any reason whatsoever, unable to exercise any of his powers or perform any of his functions or duties, the remaining Councillors may appoint one of their number to act in the place of the said Councillor or, subject to the provisions of section 8 (3), the Chief Councillor, either generally or in the exercise of any particular power or in the performance of any function or duty.

*Powers, Functions and Duties of the Executive Council*

15. The Executive Council—

(a) shall assign and allocate the responsibility for the control and administration of the different departments to the various Councillors;

(b) shall allocate the powers, functions and duties to be exercised or performed in connection with the various matters set out in the Schedule to the Act amongst the respective departments; and

(c) may, subject to the provisions of section 6 (2) of the Act, reorganise such departments with a view to better administration after consultation with the Staff Board.

*Oath for Councillors*

16. Every Councillor shall before assuming office make and subscribe, before a person designated by the Minister of Bantu Administration and Development, an oath in the following form or in lieu thereof a solemn affirmation:

I, A.B., do hereby swear to hold my office as a member of the Executive Council of the Eastern Caprivi Legislative Council with honour and dignity; to respect and uphold all laws applicable in Eastern Caprivi; to be a true and faithful member of the Executive Council; not to divulge directly or indirectly any matters brought before the Executive Council which are entrusted to me under secrecy; and to perform the duties of my office conscientiously and to the best of my ability; and I undertake before God to honour this oath.

So help me God.

## DEFINITIONS AND SHORT TITLE

*Definitions*

17. In this Proclamation, unless the context otherwise indicates—

(i) "Chief" means a person duly appointed a chief or an acting chief in terms of section 1 (a) of the Native Administration Proclamation, 1928 (Proclamation 15 of 1928) (South-West Africa), read with section 2 of Proclamation 147 of 1939 (South Africa);

(ii) "Chief Councillor" means a Councillor elected Chief Councillor in terms of section 10;

(iii) "Councillor" means a person referred to in section 9;

(iv) "Eastern Caprivi" means the area referred to in section 2 of the Act;

(v) "Raadslid" 'n persoon genoem in artikel 9;
(vi) "stamowerheid" 'n stamowerheid erken kragtens Proklamasie R. 261 van 1971;
(vii) "Wetgewende Raad" die Wetgewende Raad van Oos-Caprivi genoem in artikel 1.

*Kort Titel*

18. Hierdie Proklamasie heet die Proklamasie op die Wetgewende Raad van Oos-Caprivi, 1972.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Agtiende dag van Januarie Eenduisend Negehonderd Twee-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

M. C. BOTHA.

---

No. R. 7, 1972

## REGLEMENT VAN ORDE VIR DIE WETGEWENDE RAAD VAN OOS-CAPRIVI

Nademaal 'n Wetgewende Raad vir die Oos-Caprivi ingevolge die Wet op die Ontwikkeling van Selfbestuur vir Naturellevolke in Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 54 van 1968), ingestel is;

En nademaal dit dienstig is om voorsiening te maak vir 'n reglement van orde vir die reëling en bestuur van die verrigtings van die Wetgewende Raad van Oos-Caprivi en aanverwante sake, ten einde genoemde Wetgewende Raad in staat te stel om sy bevoegdhede uit te oefen en om sy werksaamhede en pligte te verrig;

So is dit dat ek kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 13 van genoemde Wet op die Ontwikkeling van Selfbestuur vir Naturellevolke in Suidwes-Afrika, 1968, hierby voorsiening maak dat die reglement van orde ten opsigte van die verrigtings van genoemde Wetgewende Raad van Oos-Caprivi moet wees soos in die Bylae hierby vervat.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Agtiende dag van Januarie Eenduisend Negehonderd Twee-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

M. C. BOTHA.

BYLAE

REGLEMENT VAN ORDE VIR DIE WETGEWENDE RAAD VAN OOS-CAPRIVI

Inhoudsopgawe


| *Deel* | *Inhoudsopgawe* | *Reëls* |
|---|---|---|
| I | Woordomskrywing | 1 |
| II | Sessies van die Wetgewende Raad | 2 |
| III | Verkiesing van Voorsitter en Ondervoorsitter | 3–9 |
| IV | Opening van sessies | 10–11 |
| V | Ander verrigtings by sessies | 12 |
| VI | Ontruiming van amp deur Voorsitter en Ondervoorsitter | 13 |
| VII | Handhawing van orde en reëls van debat | 14–40 |
| VIII | Permanente rekords en tale | 41–42 |
| IX | Beamptes: Rekords en stukke | 43–50 |
| X | Dae en ure van sittings en verdagings | 51–53 |
| XI | Kworum | 54 |
| XII | Mosies | 55–66 |
| XIII | Indeling van werksaamhede | 67–71 |
| XIV | Vrae | 72–80 |
| XV | Wyse van stemming oor substantiewe mosies of wysigings | 81–83 |
| XVI | Konsepmaatreëls, -belastingvoorstelle en -begroting van uitgawes | 84–89 |
| XVII | Sessiekomitees en gekose komitees | 90–99 |
| XVIII | Nie-lede | 100–103 |
| XIX | Diverse bepalings | 104–109 |


AANHANGSEL: GEBED.

(v) "Legislative Council" means the Eastern Caprivi Legislative Council referred to in section 1;
(vi) "the Act" means the Development of Self-government for Native Nations in South-West Africa Act, 1968 (Act 54 of 1968);
(vii) "tribal authority" means a tribal authority recognised in terms of Proclamation R.261 of 1971.

*Short Title*

18. This Proclamation shall be called the Eastern Caprivi Legislative Council Proclamation, 1972.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Eighteenth day of January, One thousand Nine hundred and Seventy-two.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By order of the State President-in-Council:

M. C. BOTHA.

---

No. R. 7, 1972

## RULES OF PROCEDURE FOR THE EASTERN CAPRIVI LEGISLATIVE COUNCIL

Whereas a Legislative Council has in terms of the Development of Self-government for Native Nations in South-West Africa Act, 1968 (Act 54 of 1968), been established for Eastern Caprivi;

And whereas it is expedient to provide for rules of procedure for the regulation and conduct of the proceedings of the Eastern Caprivi Legislative Council and matters related thereto to enable the said Legislative Council to exercise its powers and perform its functions and duties;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by section 13 of the said Development of Self-government for Native Nations in South-West Africa Act, 1968, I hereby provide that the rules of procedure in respect of the proceedings of the said Eastern Caprivi Legislative Council shall be as contained in the Schedule hereto.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this Eighteenth day of January, One thousand Nine hundred and Seventy-two.

J. J. FOUCHÉ, State President

By Order of the State President-in-Council:

M. C. BOTHA.

SCHEDULE

RULES OF PROCEDURE FOR THE EASTERN CAPRIVI LEGISLATIVE COUNCIL

Table of Contents


| *Part* | *Table of Contents* | *Rules* |
|---|---|---|
| I | Definitions | 1 |
| II | Sessions of the Legislative Council | 2 |
| III | Election of Chairman and Deputy Chairman | 3–9 |
| IV | Opening of Session | 10–11 |
| V | Other Proceedings at Sessions | 12 |
| VI | Vacating of Office by Chairman and Deputy Chairman | 13 |
| VII | Maintenance of Order and Rules of Debate | 14–40 |
| VIII | Permanent Records and Languages | 41–42 |
| IX | Offices: Records and Papers | 43–50 |
| X | Days and Hours of Sittings and Adjournments | 51–53 |
| XI | Quorum | 54 |
| XII | Motions | 55–66 |
| XIII | Arrangement of Business | 67–71 |
| XIV | Questions | 72–80 |
| XV | Method of Voting on Substantive Motions or Amendments | 81–83 |
| XVI | Draft Enactments, Taxation Proposals and Estimates of Expenditure | 84–89 |
| XVII | Sessional Committees and Select Committees | 90–99 |
| XVIII | Non-members | 100–103 |
| XIX | Miscellaneous Provisions | 104–109 |


ANNEXURE: PRAYER.

DEEL I

*Woordomskrywing*

1. In hierdie Reglement van Orde, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken—

(i) "die Wet" die Wet op die Ontwikkeling van Selfbestuur vir Naturellevolke in Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 54 van 1968);

(ii) "Direkteur" 'n beampte bedoel in artikel 6 (4) van die Wet wat die administratiewe hoof van 'n departement ingestel kragtens artikel 6 (2) van die Wet is;

(iii) "Hoofraadslid" die lid van die Uitvoerende Raad as Hoofraadslid verkies ingevolge artikel 10 van Proklamasie R. 6 van 1972 en ook enige Raadslid wat ingevolge genoemde Proklamasie aangestel is om in sy plek op te tree;

(iv) "kaptein" 'n persoon aangestel as 'n kaptein of as 'n waarnemende kaptein kragtens artikel 1 (a) van die Naturelle-administrasie-Proklamasie, 1928 (Proklamasie 15 van 1928) (Suidwes-Afrika), gelees met artikel 2 van Proklamasie 147 van 1939 (Suid-Afrika);

(v) "lid" 'n lid van die Wetgewende Raad van Oos-Caprivi;

(vi) "Minister" die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling;

(vii) "Raadslid" 'n lid van die Uitvoerende Raad bedoel in artikel 8 van Proklamasie R. 6 van 1972;

(viii) "Republiek" die Republiek van Suid-Afrika;

(ix) "stamowerheid" 'n stamowerheid erken ingevolge Proklamasie R. 261 van 1971.

DEEL II

SESSIES VAN DIE WETGEWENDE RAAD

*Sessies*

2. (1) Daar moet minstens een maal in elke jaar 'n gewone sessie van die Wetgewende Raad plaasvind.

(2) 'n Tydperk van meer as 15 maande mag nie verloop tussen twee gewone opeenvolgende sessies van die Wetgewende Raad nie.

(3) 'n Buitengewone sessie van die Wetgewende Raad kan te eniger tyd, en moet, indien die Minister aldus gelas, byeengeroep word deur die Uitvoerende Raad.

(4) Gedurende sodanige buitengewone sessie mag alleenlik die sake wat die Hoofraadslid aan die Wetgewende Raad voorlê, behandel word: Met dien verstande dat indien sodanige buitengewone sessie op las van die Minister byeengeroep word, slegs die sake wat die byeenroeping van die buitengewone sessie nodig gemaak het, bespreek word.

(5) Elke sessie van die Wetgewende Raad moet op 'n datum en tyd deur die Uitvoerende Raad bepaal, begin.

(6) Die Direkteur, wat die administratiewe hoof van die Departement van Owerheidsake en Finansies is, moet skriftelik minstens 42 dae voor 'n gewone sessie en minstens sewe dae voor 'n buitengewone sessie van die Wetgewende Raad die lede en die Minister in kennis stel van die datum en tyd bepaal vir en die sake wat gedurende sodanige sessie behandel moet word.

(7) Nieteenstaande enigiets vervat in hierdie reël wys die Minister 'n persoon aan wat die eerste sessie van die Wetgewende Raad moet byeenroep sodat dit op 'n datum en tyd deur die Minister bepaal, begin en die persoon aldus aangewys, moet op sodanige sessie voorsit totdat 'n Voorsitter verkies is soos hieronder bepaal.

PART I

*Definitions*

1. In these Rules of Procedure, unless the context otherwise indicates—

(i) "Chief" means a person appointed a chief or an acting chief in terms of section 1 (a) of the Native Administration Proclamation, 1928 (Proclamation 15 of 1928) (South-West Africa), read with section 2 of Proclamation 147 of 1939 (South Africa);

(ii) "Chief Councillor" means the member of the Executive Council elected Chief Councillor in terms of section 10 of Proclamation R. 6 of 1972 and includes any Councillor nominated or designated in terms of the said Proclamation to act in his stead;

(iii) "Councillor" means a member of the Executive Council referred to in section 8 of Proclamation R. 6 of 1972;

(iv) "Director" means an officer referred to in section 6 (4) of the Act who is the administrative head of a department established under section (6) (2) of the Act;

(v) "member" means a member of the Eastern Caprivi Legislative Council;

(vi) "Minister" means the Minister of Bantu Administration and Development;

(vii) "Republic" means the Republic of South Africa;

(viii) "the Act" means the Development of Self-government for Native Nations in South-West Africa Act, 1968 (Act 54 of 1968);

(ix) "tribal authority" means a tribal authority recognised in terms of Proclamation R. 261 of 1971.

PART II

SESSIONS OF THE LEGISLATIVE COUNCIL

*Sessions*

2. (1) There shall be an ordinary session of the Legislative Council at least once in every year.

(2) A period of more than 15 months shall not intervene between two ordinary consecutive sessions of the Legislative Council.

(3) A special session of the Legislative Council may at any time, and shall, if the Minister so directs, be called by the Executive Council.

(4) At such special session only such business as the Chief Councillor may lay before the Legislative Council shall be transacted: Provided that, if such special session is called at the direction of the Minister only the business necessitating the calling of the special session shall be discussed.

(5) Every session of the Legislative Council shall commence on a date and at a time fixed by the Executive Council.

(6) The Director, who is the administrative head of the Department of Authority Affairs and Finance, shall in writing, not less than 42 days before an ordinary session and not less than seven days before a special session of the Legislative Council notify the members and the Minister of the date and time fixed for and the business to be transacted at such session.

(7) Notwithstanding anything contained in this rule, the Minister shall designate a person who shall convene the first session of the Legislative Council to commence on a date and at a time determined by the Minister and the person so designated shall preside at such session until a Chairman has been elected as hereinafter provided.

## DEEL III

## VERKIESING VAN VOORSITTER EN ONDERVOORSITTER

*Sekretaris van Wetgewende Raad Kondig die Noodsaaklikheid van Verkiesing aan*

3. Op die eerste sittingsdag van die eerste sessie van die Wetgewende Raad en van enige sessie daarna waarby 'n Voorsitter of 'n Ondervoorsitter verkies moet word, moet die Sekretaris van die Wetgewende Raad aan die Wetgewende Raad die noodsaaklikheid van die verkiesing van 'n Voorsitter of 'n Ondervoorsitter, na gelang van die geval, aankondig en moet die Wetgewende Raad versoek om onverwyld met die verkiesing voort te gaan: Met dien verstande dat in die geval van die eerste sessie sodanige aankondiging gedoen moet word deur die persoon deur die Minister ingevolge reël 2 (7) aangewys.

*Voorsittende Beampte*

4. In die geval van die verkiesing van 'n Voorsitter, moet die Sekretaris van die Wetgewende Raad of, gedurende die eerste sessie van die Wetgewende Raad, die persoon aangewys deur die Minister ingevolge reël 2 (7), optree as voorsittende beampte; by die verkiesing van die Ondervoorsitter tree die Voorsitter as voorsittende beampte op.

*Wyse waarop Voorsitter en Ondervoorsitter verkies word*

5. (1) Die voorsittende beampte moet nominasies van kandidate vra wat lede is van die Wetgewende Raad vir verkiesing tot Voorsitter of Ondervoorsitter, na gelang van die geval.

(2) Elke nominasie moet skriftelik voorgelê word en moet onderteken word deur die voorsteller en twee sekondante wat lede van die Wetgewende Raad moet wees, asook deur die genomineerde persoon, tensy hy skriftelik te kenne gegee het dat hy gewillig is om nominasie te aanvaar: Met dien verstande dat sodanige voorsteller en sekondante nie 'n ander kandidaat mag nomineer of 'n ander nominasie mag sekondeer nie.

(3) Die name van die persone wat aldus behoorlik genomineer is, moet deur die voorsittende beampte aangekondig word en geen debat word by die verkiesing toegelaat nie.

(4) Indien daar slegs een nominasie ontvang word, verklaar die voorsittende beampte die kandidaat aldus genomineer as behoorlik verkies tot Voorsitter of Ondervoorsitter, na gelang van die geval.

(5) Waar twee of meer kandidate genomineer word, vind 'n geheime stemming plaas en enige kandidaat ten gunste van wie 'n meerderheid van al die stemme wat uitgebring is, aangeteken word, word deur die voorsittende beampte verklaar as behoorlik verkies tot Voorsitter of Ondervoorsitter na gelang van die geval.

(6) Indien geen kandidaat 'n meerderheid van al die stemme verkry nie, word die kandidaat wat die minste stemme gekry het, uitgeskakel, en 'n verdere stemming ten opsigte van die oorblywende kandidate gehou, en hierdie prosedure word herhaal so dikwels as wat dit nodig is totdat 'n kandidaat 'n meerderheid verkry van al die stemme wat uitgebring word en deur die voorsittende beampte verklaar word as behoorlik verkies tot Voorsitter of Ondervoorsitter, na gelang van die geval.

(7) Wanneer twee of meer kandidate dieselfde getal stemme behaal het, maar minder as al die ander kandidate, bepaal die Wetgewende Raad by afsonderlike stemming, wat so dikwels as wat nodig is, herhaal word, watter van sodanige kandidate vir doeleindes van subreël (6) uitgeskakel moet word.

## PART III

## ELECTION OF CHAIRMAN AND DEPUTY CHAIRMAN

*Secretary of Legislative Council to Announce Need for Elections*

3. One the first sitting day of the first session of the Legislative Council and of any session thereafter at which a Chairman or Deputy Chairman has to be elected the Secretary of the Legislative Council shall announce to the Legislative Council the need for the election of a Chairman or a Deputy Chairman as the case may be and shall call upon the Legislative Council to proceed with the election forthwith: Provided that in the case of the first session such announcement shall be made by the person designated by the Minister in terms of rule 2 (7).

*Presiding Officer*

4. In the case of the election of the Chairman, the Secretary of the Legislative Council or, at the first session of the Legislative Council, the person designated by the Minister in terms of rule 2 (7), shall act as presiding officer; in the case of the election of the Deputy Chairman, the Chairman shall act as presiding officer.

*Method of Election of Chairman and Deputy Chairman*

5. (1) The presiding officer shall call for nominations of candidates being members of the Legislative Council for election as Chairman or Deputy Chairman as the case may be.

(2) Every nomination shall be submitted in writing and shall be signed by the proposer and two seconders being members of the Legislative Council, as well as by the person nominated, unless he has in writing signified his willingness to accept nomination: Provided that such proposer and seconders shall not be entitled to nominate or second the nomination of any other candidate.

(3) The names of the persons as duly nominated shall be announced by the presiding officer and no debate shall be allowed at the election.

(4) If only one nomination is received the presiding officer shall declare the candidate so nominated duly elected Chairman or Deputy Chairman, as the case may be.

(5) where two or more candidates are nominated a vote shall be taken by secret ballot and any candidate in whose favour a majority of all the votes cast is recorded, shall be declared duly elected Chairman or Deputy Chairman, as the case may be, by the presiding officer.

(6) If no candidate obtains a majority of all the votes, the candidate who has received the smallest number of votes shall be eliminated and a further ballot taken in respect of the remaining candidates, this procedure being repeated as often as may be necessary until a candidate receives a majority of all the votes and is declared duly elected Chairman or Deputy Chairman, as the case may be, by the presiding officer.

(7) Whenever two or more candidates being the lowest on the poll have received the same number of votes, the Legislative Council shall by separate vote, to be repeated as often as may be necessary, determine which of such candidates shall for the purposes of subrule (6) be eliminated.

(8) Wanneer—

(a) slegs twee kandidate genomineer is; of

(b) daar na die uitskakeling van een of meer kandidate ooreenkomstig die bepalings van hierdie reël slegs twee kandidate oorbly,

en hulle ewe veel stemme kry, word een verdere stemming ten opsigte van hierdie twee kandidate gehou. Indien by hierdie verdere stemming daar nog 'n staking van stemme voorkom gaan die Wetgewende Raad oor om deur loting, op die wyse wat hy bepaal, die kandidaat wat tot Voorsitter verklaar sal word, aan te wys. Die kandidaat ten opsigte van wie 'n meerderheid van stemme uitgebring word of deur loting aangewys word, na gelang van die geval, word tot Voorsitter of Ondervoorsitter, na gelang van die geval, verklaar.

(9) Sodra 'n kandidaat verklaar word as behoorlik verkies tot Voorsitter word hy deur sy voorsteller en sekondante na die Stoel begelei en neem hy dan die Stoel van die Wetgewende Raad in.

*Prosedure Tydens Stemming*

6. Wanneer meer as een kandidaat voorgestel word vir verkiesing tot Voorsitter of Ondervoorsitter, na gelang van die geval, vind die stemming plaas ooreenkomstig die volgende prosedure, wat by die aanvang aan die Wetgewende Raad verduidelik moet word:

(a) Daar moet 'n kort verdaging wees vir die gereedmaak van stembriefies waarop die name van die kandidate in alfabetiese volgorde moet verskyn;

(b) aan elke lid word 'n stembriefie uitgereik deur die Sekretaris van die Wetgewende Raad of, in die geval van die eerste sessie van die Wetgewende Raad, deur die persoon aangewys deur die Minister ingevolge reël 2 (7), en sodanige lid moet daarop die kandidaat vir wie hy wil stem, aandui deur 'n kruis teenoor die naam van sodanige kandidaat te plaas;

(c) die voorsittende beampte moet dan die naam van elke lid beurtelings uitroep en sodanige lid moet, wanneer sy naam uitgeroep word, na die Tafel kom en sy stembriefie wat so gevou moet wees dat die name van die kandidate onsigbaar is, in die stembus op die Tafel laat val;

(d) sodra al die lede gestem het, moet die voorsittende beampte, bygestaan deur die Sekretaris van die Wetgewende Raad of die Assistent-sekretaris, in teenwoordigheid van die Wetgewende Raad die stembriefies ondersoek en tel en die uitslag van die stemming aan die Wetgewende Raad aankondig.

*Bevoegdhede van Voorsittende Beampte*

7. Indien die voorsittende beampte oortuig is dat—

(a) 'n stembriefie nie aan die bepalings van reël 6 voldoen nie, kan hy dit verwerp en met die verkiesing voortgaan, of die stembriefie of die hele verkiesing nietig verklaar en beveel dat die verrigtings vir die stemming of die hele verkiesing van voor af aan begin;

(b) die bepalings van reël 6 in enige ander opsig nie behoorlik uitgevoer is of word nie, kan hy 'n bepaalde stemming of die hele verkiesing nietig verklaar en beveel dat die verrigtings vir die stemming of die hele verkiesing van vooraf aan begin.

*Beskikking oor Stembriefies*

8. Nadat die stembriefies getel en die uitslag van die stemming aangekondig is, moet die stembriefies in 'n bus geplaas word wat in teenwoordigheid van die Wetgewende Raad verseël moet word en in die bewaring van

(8) Whenever—

(a) only two candidates have been nominated; or

(b) after the elimination of one or more candidates in accordance with the provisions of this rule, only two candidates remain,

and they receive on equal number of votes one further ballot shall be held in respect of these two candidates. If at this further ballot there is still an equality of votes the Legislative Council shall proceed to designate by lot in the manner determined by it the candidate who shall be declared Chairman. The candidate in respect of whom a majority of votes is cast or who is designated by lot, as the case may be, shall be declared Chairman or Deputy Chairman by the presiding officer.

(9) As soon as a candidate has been declared duly elected Chairman, he shall be conducted to the Chair by his proposer and seconders and shall thereupon take the Chair of the Legislative Council.

*Procedure During Ballot*

6. When more than one candidate is proposed for election as Chairman or Deputy Chairman, as the case may be, the ballot shall be held in accordance with the following procedure, which shall at the outset be explained to the Legislative Council:

(a) There shall be a short adjournment for the preparation of ballot papers on which the names of the candidates shall appear in alphabetical order;

(b) each member shall be handed a ballot paper by the Secretary of the Legislative Council or, in the case of the first session of the Legislative Council, by the person designated by the Minister in terms of rule 2 (7) and such member shall thereupon signify the candidate for whom he desires to vote by placing a cross opposite the name of such candidate;

(c) the presiding officer shall then call the name of each member in turn and such member shall when his name is called, come to the Table and drop his ballot paper, folded in such manner that the names of the candidates are obscured, into the ballot box on the Table;

(b) when all the members have voted the presiding officer shall in the presence of the Legislative Council examine and count the ballot papers with the Secretary of the Legislative Council or the Assistant Secretary and announce the result of the ballot to the Legislative Council.

*Powers of Presiding Officer*

7. If the presiding officer is satisfied that—

(a) a ballot paper does not comply with the provisions of rule 6 he may reject it and proceed with the election or he may declare the ballot paper or the whole election void and order the proceedings for the ballot or the whole election to be begun afresh;

(b) the provisions of rule 6 have not been or are not being carried out properly in any other respect he may declare a particular ballot or the whole election void and order the proceedings for the ballot or the whole election to be begun afresh.

*Disposal of Ballot Papers*

8. After the ballot papers have been counted and the result of the ballot announced, the ballot papers shall be placed in a box which shall be sealed in the presence of the Legislative Council and kept in the custody of the

die Sekretaris van die Wetgewende Raad een jaar lank gehou word en dan, tensy die Wetgewende Raad anders gelas, moet die Sekretaris van die Wetgewende Raad die stembriefies vernietig.

*Ampstermyn van Voorsitter en Ondervoorsitter*

9. (1) Die Voorsitter en Ondervoorsitter beklee hul amp totdat hul opvolgers verkies word gedurende die vyfde gewone sessie van die Wetgewende Raad, na die sessie waarop hulle verkies was, wat gehou word: Met dien verstande dat indien die amp van Voorsitter of Ondervoorsitter vakant word op 'n ander wyse as deur tydsverloop, die lid wat dan tot Voorsitter of Ondervoorsitter verkies word, sy amp beklee vir die onverstreke gedeelte van die ampstermyn waarvoor die persoon wie se amp aldus vakant geraak het, verkies was tot Voorsitter of Ondervoorsitter.

(2) Die Voorsitter of Ondervoorsitter kan by besluit van die Wetgewende Raad van sy amp onthef word en 'n persoon aldus onthef, is nie geskik vir herverkiesing gedurende die tydperk waarvoor hy tot Voorsitter of Ondervoorsitter verkies was nie.

## DEEL IV

## OPENING VAN SESSIES

*Prosedure*

10. Op die vasgestelde dag vir die opening van 'n sessie van die Wetgewende Raad en nadat die lede vergader is in die Raadsaal op die vasgestelde tyd vir die aanvang van die sitting, word die verrigtings in onderstaande volgorde gelei, behoorlik aangepas by die behoeftes van die geleentheid:

(a) Die Voorsitter of, indien 'n Voorsitter of Ondervoorsitter nie gedurende 'n vorige sessie van die Wetgewende Raad verkies is nie, die Sekretaris van die Wetgewende Raad, open die byeenkoms met gebed, in die vorm voorgeskryf in die Aanhangsel hiervan;

(b) die Sekretaris van die Wetgewende Raad lees die kennisgewing wat die Wetgewende Raad byeenroep;

(c) die Voorsitter of, indien 'n Voorsitter of Ondervoorsitter nie verkies is gedurende 'n vorige sessie van die Wetgewende Raad nie, die Sekretaris van die Wetgewende Raad verwittig dan die Wetgewende Raad van die name van die lede wat deur stamowerhede as Raadslede genomineer is, indien dit nie alreeds gedurende 'n vorige sessie gedoen is nie;

(d) die Sekretaris van die Wetgewende Raad lees die name van al die lede, en dié wat aanwesig is, antwoord wanneer hulle name gelees word;

(e) elke lid by die sitting van die Wetgewende Raad teenwoordig, moet dan voor 'n persoon deur die Minister aangewys, 'n eed in die volgende vorm aflê en onderteken, of 'n plegtige verklaring in die plek daarvan, indien hy dit nie alreeds gedurende 'n vorige sessie gedoen het nie:

Ek, A. B., sweer dat ek lojaal en getrou sal wees aan die Wetgewende Raad van Oos-Caprivi, die Uitvoerende Raad en die Regering van die Republiek van Suid-Afrika en dat ek alle wette wat in Oos-Caprivi van toepassing is, sal eerbiedig; en ek beloof om my pligte op 'n lojale en waardige wyse en na my beste vermoë te verrig.

So help my God.;

(f) die Wetgewende Raad gaan daarna oor tot die verkiesing van 'n Voorsitter, Ondervoorsitter en 'n Hoofraadslid, indien sodanige ampsdraers nie alreeds gedurende 'n vorige sessie verkies is nie;

Secretary of the Legislative Council for one year whereafter, unless otherwise directed by the Legislative Council, the Secretary of the Legislative Council shall destroy the ballot papers.

*Period of Office of Chairman and Deputy Chairman*

9. (1) The Chairman and Deputy Chairman shall hold office until their successors are elected at the fifth ordinary session of the Legislative Council held after the session at which they were elected: Provided that if the office of Chairman or Deputy Chairman becomes vacant other than by effluxion of time, the member then elected Chairman or Deputy Chairman shall hold office for the unexpired portion of the period of office for which the person whose office has so become vacant had been elected Chairman or Deputy Chairman.

(2) The Chariman or Deputy Chairman may be removed from office by resolution of the Legislative Council and a person so removed shall not be eligible for re-election during the period for which he had been elected Chairman or Deputy Chairman.

## PART IV

## OPENING OF SESSION

*Procedure*

10. On the day fixed for the opening of a session of the Legislative Council, the members having assembled in the Chamber at the time fixed for the commencement of the sitting, the proceedings shall be conducted in the following order suitably adapted to the needs of the occasion:

(a) The Chairman or, if no Chairman or Deputy Chairman has been elected at a previous session of the Legislative Council, the Secretary of the Legislative Council shall open the meeting with prayers in the form prescribed in the Annexure hereto;

(b) The Secretary of the Legislative Council shall read the notice summoning the Legislative Council;

(c) the Chairman or, if no Chairman or Deputy Chairman has been elected at a previous session of the Legislative Council, the Secretary of the Legislative Council shall then inform the Legislative Council of the names of the members nominated by the tribal authorities as Councillors, if this has not already been done at a previous session;

(d) the Secretary of the Legislative Council shall read out the names of all the members, and those present shall answer to their names;

(e) every member present at the sitting of the Legislative Council shall then make and subscribe, before a person designated by the Minister, an oath in the following form, or in lieu thereof a solemn affirmation, if he has not already done so at a previous session:

I, A. B., do swear that I shall be loyal and faithful to the Eastern Caprivi Legislative Council, the Executive Council and the Government of the Republic of South Africa and that I shall respect all laws applicable in Eastern Caprivi and I promise to perform my duties in a loyal and worthy manner and to the best of my ability.

So help me God.;

(f) the Legislative Council shall then proceed to the election of a Chairman, Deputy Chairman and Chief Councillor, if such office-bearers have not been elected at a previous session;

(g) die Wetgewende Raad verdaag daarna en kom weer byeen nie later nie as 'n kwartier voor die vasgestelde tyd vir die amptelike opening van die Wetgewende Raad deur die Minister of die persoon deur hom aangewys, en lede moet op hierdie tydstip hulle sitplekke ingeneem het;

(h) die Voorsitter, of in sy afwesigheid, die Ondervoorsitter, vergesel van die Ampswag van die Wetgewende Raad, gaan na die ingang van die Raadsaal waar hulle wag op die aankoms van die Minister of die persoon deur hom aangewys, en sy gevolg, en vergesel die Minister of sodanige ander persoon na sy sitplek;

(i) geen debat word toegelaat oor die openingsrede nie maar die Voorsitter kan 'n mosie van dank deur die Hoofraadslid of 'n ander lid handelende namens die Wetgewende Raad, toelaat.

*Prosedure by Aankoms en Vertrek van die Minister of sy Afgevaardigde*

11. By die binnekoms in of vertrek uit die Raadsaal van die Minister of die persoon deur hom aangewys om die openingseremonie waar te neem, staan die lede en bly hulle staande op hulle plekke, totdat die Minister of sy afgevaardigde sy sitplek ingeneem of die Raadsaal verlaat het, na gelang van die geval.

## DEEL V

## ANDER VERRIGTINGS GEDURENDE SESSIES

*Prosedure*

12. (1) Alle mosies, met inbegrip van mosies in Deel XVI bedoel, word beslis deur 'n meerderheid van stemme van die lede teenwoordig.

(2) Die Voorsitter neem nie deel aan 'n stemming nie, maar moet by 'n staking van stemme 'n beslissende stem uitbring.

(3) 'n Kworum van die Wetgewende Raad bestaan uit minstens 15 lede.

(4) Daar is vryheid van spraak en debat op sittings van die Wetgewende Raad.

(5) Behoudens die bepalings van hierdie Reglement van Orde, is die verrigtings van die Wetgewende Raad oop vir die publiek.

(6) Die Voorsitter of, in sy afwesigheid, die Ondervoorsitter, sit voor op al die sittings van die Wetgewende Raad of, as sowel die Voorsitter as die Ondervoorsitter weens afwesigheid of om 'n ander rede nie op 'n sitting kan voorsit nie, moet die lede wat teenwoordig is onder voorsitterskap van die Sekretaris van die Wetgewende Raad 'n lid kies om by sodanige sitting voor te sit.

## DEEL VI

## ONTRUIMING VAN AMP DEUR VOORSITTER EN ONDERVOORSITTER

*Ontruiming van Amp*

13. Die Voorsitter of Ondervoorsitter ontruim sy amp—

(a) indien hy ophou om lid van die Wetgewende Raad te wees;

(b) indien hy uit sy amp as Voorsitter of Ondervoorsitter bedank deur skriftelike kennisgewing aan die Sekretaris van die Wetgewende Raad of 'n aankondiging te dien effekte op 'n sitting van die Wetgewende Raad doen;

(c) indien hy by besluit van die Wetgewende Raad ingevolge reël 9 (2), van sy amp onthef word.

(g) the Legislative Council shall then adjourn and reassemble not less than a quarter of an hour before the time fixed for the official opening of the Legislative Council by the Minister or the person designated by him, and members shall be seated in their places at such time;

(h) the Chairman or, in his absence, the Deputy Chairman, accompanied by the Serjeant-at-Arms of the Legislative Council, shall proceed to the entrance of the chamber and there await the arrival of the Minister, or the person disignated by him, and his retinue and shall accompany the Minister or such other person to his seat;

(i) no debate shall be allowed to take place on the opening speech but the Chairman may allow a vote of thanks by the Chief Councillor or any other member acting on behalf of the Legislative Council.

*Procedure on Arrival and Departure of the Minister or his Delegate*

11. Upon the entry into or departure from the Chamber of the Minister or the person designated by him to perform the opening ceremony, the members shall rise and remain standing in their places until the Minister or his delegate has taken his seat or left the Chamber, as the case may be.

## PART V

## OTHER PROCEEDINGS AT SESSIONS

*Procedure*

12. (1) All motions including motions referred to in Part XVI shall be determined by a majority of votes of the members present.

(2) The Chairman shall not participate in the vote but shall in the case of an equality of votes exercise a casting vote.

(3) A quorum of the Legislative Council shall consist of not less than 15 members.

(4) There shall be freedom of speech and debate at sittings of the Legislative Council.

(5) The proceedings of the Legislative Council shall, subject to the provisions of these Rules of Procedure, be open to the public.

(6) The Chairman or, in his absence, the Deputy Chairman shall preside at all sittings of the Legislative Council or, if both the Chairman and Deputy Chairman are unable through absence or other cause to preside at a sitting, the members present shall under the chairmanship of the Secretary of the Legislative Council elect a member to preside at such sitting.

## PART VI

## VACATING OF OFFICE BY CHAIRMAN AND DEPUTY CHAIRMAN

*Vacating of Office*

13. The Chairman or Deputy Chairman shall vacate his office—

(a) if he ceases to be a member of the Legislative Council;

(b) if he resigns his office as Chairman or Deputy Chairman by notice in writing to the Secretary of the Legislative Council or makes an announcement to that effect at a sitting of the Legislative Council;

(c) if he is removed from office by resolution of the Legislative Council in terms of rule 9 (2).

## DEEL VII

## HANDHAWING VAN ORDE EN REGLEMENT VAN DEBAT GEDRAG EN TOESPRAKE VAN LEDE

*Voorsitter moet Orde Handhaaf*

14. Orde moet tydens sittings van die Wetgewende Raad deur die Voorsitter gehandhaaf word. Sy beslissing oor 'n punt van orde is nie onderworpe aan appèl nie en mag nie deur die Wetgewende Raad hersien word nie uitgesonderd na 'n substantiewe mosie ingedien na kennisgewing.

*Lede moet Sit wanneer Voorsitter Opstaan*

15. Wanneer die Voorsitter gedurende die verrigtings van die Wetgewende Raad opstaan, moet elke lid gaan sit en lede moet stil bly sodat die Voorsitter ongestoord gehoor kan word.

*Lede Praat Staande*

16. Elke lid staan as hy praat en rig sy opmerkings tot die Stoel.

*Voorsitter Kies Spreker*

17. Indien twee of meer lede gelyk opstaan om te praat, kies die Voorsitter een lid en versoek hom om te praat.

*Lede wat nie Praat nie moet Sit*

18. 'n Lid wat klaar gepraat het, moet sit en enige ander lid wat wil praat, moet opstaan.

*Sake waaroor Lede kan Praat*

19. 'n Lid kan die Wetgewende Raad toespreek oor die mosie voor die wetgewende Raad of oor enige amendement daarop voorgestel, of oor enige amendement wat hy self wil voorstel, of oor 'n punt van orde voortspruitend uit die debat, maar anders nie.

*Getal Kere wat Lede kan Praat*

20. (1) Geen lid mag die Wetgewende Raad meer as een maal oor 'n mosie toespreek nie, behalwe by wyse van verduideliking of repliek. Sodanige verduideliking word toegelaat slegs indien 'n wesentlike deel van 'n lid se toespraak verkeerd aangehaal of misverstaan is, maar hy mag geen nuwe saak ter sprake bring nie en oor sodanige verduideliking word geen debat gevoer nie.

(2) Met die vergunning van die Wetgewende Raad kan 'n lid sake van 'n persoonlike aard verduidelik hoewel daar geen vraag voor die Wetgewende Raad is nie en hy moet hom streng bepaal by die regverdiging van sy eie gedrag.

*Beperking van Toesprake*

21. Behalwe in die geval van 'n Raadslid, mag geen lid langer as 30 minute oor 'n mosie praat nie.

*Reg van Indiener van Mosie om Repliek op Debat te Lewer*

22. Nieteenstaande die bepalings van reëls 19, 20 en 21, moet die indiener van 'n mosie die geleentheid gegun word om repliek te lewer, en sodanige repliek sluit die debat.

*Aanspreekvorm*

23. Gedurende verrigtings van die Wetgewende Raad moet lede na mekaar verwys as "die agbare lid . . ." (die naam van die lid moet vermeld word) of "die agbare kaptein . . ." (die naam van die kaptein moet vermeld word).

## PART VII

## MAINTENANCE OF ORDER AND RULES OF DEBATE CONDUCT AND SPEECHES OF MEMBERS

*Chairman to Maintain Order*

14. Order shall be maintained by the Chairman during sittings of the Legislative Council. His decision on a point of order shall not be open to appeal and shall not be reviewed by the Legislative Council except on a substantive motion made after notice.

*Members to Sit Down when Chairman Rises*

15. When the Chairman rises during proceedings of the Legislative Council every member shall sit down and members shall be silent so that the Chairman may be heard without interruption.

*Members to Speak Standing*

16. A member shall speak standing and shall address his observations to the Chair.

*Chairman to Maintain Order*

17. If two or more members rise at the same time to speak the Chairman shall select one member and call on him to speak.

*Members not Speaking to be Seated*

18. When a member has finished speaking he shall resume his seat and any other member wishing to speak shall rise.

*Matters on which Members may Speak*

19. A member may address the Legislative Council on the motion before the Legislative Council or upon any amendment proposed thereto, or upon any amendment to be proposed by himself, or upon a question of order arising out of debate, but not otherwise.

*Number of Times Members may Speak*

20. (1) No member shall address the Legislative Council more than once on a motion except in explanation or reply, such explanation being allowed only if a material part of his speech has been misquoted or misunderstood, but he shall not introduce any new matter and no debate shall be allowed on such explanation.

(2) By the indulgence of the Legislative Council a member may explain matters of a personal nature although there be no question before the Legislative Council, and he shall confine himself strictly to the vindication of his own conduct.

*Limitation of Speeches*

21. Except in the case of a Councillor no member may exceed 30 minutes in speaking to any motion.

*Right of Introducer of Motion to Reply to Debate*

22. Notwithstanding the provisions of rules 19, 20 and 21, a reply shall be allowed to a member who has moved a motion and such reply shall close the debate.

*Form of Address*

23. During proceedings of the Legislative Council members shall refer to one another as "the honourable member . . ." (stating the member's name) or "the honourable Chief . . ." (stating the Chief's name).

*Toesprake mag nie Voorgelees word nie*

24. 'n Lid mag sy toespraak nie voorlees nie, maar hy kan uittreksels uit boeke of stukke ter stawing van sy argument voorlees en sy geheue opfris deur aantekenings te raadpleeg.

*Gedrag van Lede tydens Sittings*

25. Gedurende 'n sitting moet 'n lid—

(a) die Raadsaal met dekorum binnekom en verlaat;

(b) in die geval van 'n man, blootshoof wees, terwyl hy in die Raadsaal is;

(c) hoflikheid aan die Stoel betoon wanneer hy die Raadsaal binnekom en verlaat, en wanneer hy na sy sitplek gaan en wanneer hy dit verlaat;

(d) nie tussen die Stoel en 'n lid wat die Wetgewende Raad toespreek, verbygaan nie;

(e) nie die Voorsitter by sy naam noem nie maar hom aanspreek as "Mnr. die Voorsitter";

(f) nie onnodig oor die vloer van die Raadsaal stap nie;

(g) wanneer hy van een deel van die Raadsaal na 'n ander gaan, in die middel stilstaan en hoflikheid aan die Stoel betoon;

(h) nie nuusblaaie, boeke, briewe of ander dokumente lees nie, uitgesonderd sodanige stof daarin as wat regstreeks in verband staan met die aangeleentheid dan in oorweging;

(i) stilbly terwyl 'n ander lid aan die woord is, en hom nie onnodig in die rede val nie;

(j) wanneer hy deur die Voorsitter tot orde geroep word, dadelik gaan sit; en

(k) wanneer die Wetgewende Raad verdaag, in sy sitplek bly totdat die Voorsitter die Stoel verlaat het.

*Wanneer Lede in die Rede Geval Mag word*

26. Geen lid mag 'n ander lid wat aan die woord is in die rede val nie, behalwe—

(a) wanneer hy oor 'n punt van orde opstaan, en dan moet die lid wat aan die woord was, gaan sit, en die lid wat opgestaan het, moet slegs die punt noem waarop hy die aandag wil vestig en dit aan die Voorsitter voorlê vir sy beslissing; of

(b) om 'n tersaaklike vraag aan die spreker te stel met die toestemming van die Voorsitter en die spreker.

*Toesprake moet ter Sake wees*

27. 'n Lid moet sy opmerkings oor die onderwerp in bespreking beperk en mag geen sake wat nie op hierdie onderwerp betrekking het, byhaal nie.

*Hangende Hofsaak Gepriviligieerd*

28. Geen verwysing na enige saak waarvoor 'n beslissing van 'n geregshof hangende is, mag op sodanige wyse gemaak word dat dit volgens die mening van die Voorsitter daardie saak kan benadeel nie.

*Vrae wat reeds Beslis is Buite die Orde*

29. (1) Dit is buite die orde om te poog om enige spesifieke vraag ten opsigte waarvan die Wetgewende Raad tydens enige vorige sessie 'n beslissing geneem het, te heroorweeg, uitgesonderd na 'n substantiewe mosie om daardie beslissing te herroep, ingedien met die toestemming van die Voorsitter.

(2) Geen mosie of amendement mag voorgestel word wat in wese dieselfde is as enige mosie wat gedurende dieselfde sessie aangeneem of verwerp is nie, maar die order of beslissing oor sodanige vorige mosie of amendement kan by mosie na kennisgewing herroep word.

*Speeches not to be Read*

24. A member may not read his speech but he may read extracts from books or papers in support of his argument and refresh his memory by reference to notes.

*Conduct of Members during Sittings*

25. During a sitting a member shall—

(a) enter and leave the Chamber with decorum;

(b) in the case of a male be uncovered while in the Chamber;

(c) show courtesy to the Chair when entering and leaving the Chamber and when passing to and from his place;

(d) not pass between the Chair and any member addressing the Legislative Council;

(e) not address the Chairman by name but as "Mr Chairman";

(f) not cross the floor of the Chamber unnecessarily;

(g) when crossing from one side of the Chamber to the other, pause in the centre and show courtesy to the Chair;

(h) not read newspapers, books, letters or other documents except such matter therein as may be directly connected with the business then under consideration;

(i) while any other member is speaking be silent and not make unseemly interruptions;

(j) when called to order by the Chairman immediately resume his seat; and

(k) when the Legislative Council adjourns remain seated until the Chairman has left the Chair.

*When Interruptions may be Made*

26. No member shall interrupt the speech of any other member except—

(a) by rising to a point of order, when the member speaking shall resume his seat and the member interrupting shall simply direct attention to the point which he wishes to bring to notice and submit it to the Chairman for decision; or

(b) to put a relevant question to the speaker with the consent of the Chairman and the speaker.

*Speeches to be Relevant*

27. A member shall restrict his observations to the subject under discussion and shall not introduce matters irrelevant to that subject.

*Pending Lawsuit Priviliged*

28. Reference shall not be made to a case pending in a court of law in such a way as, in the opinion of the Chairman, might prejudice that case.

*Questions on which Decision Taken Out of Order*

29. (1) It shall be out of order to attempt to reconsider a specific question on which the Legislative Council has taken a decision during any previous session, except on a substantive motion to rescind that decision, made with the permission of the Chairman.

(2) No motion or amendment shall be proposed which is the same in substance as any motion which during the same session has been resolved in the affirmative or negative, but the order of decision on such previous motion or amendment may be rescinded by motion after notice.

*Beledigende Taal Buite die Orde*

30. Dit is buite die orde om aanstootlike en beledigende taal omtrent lede van die Wetgewende Raad te gebruik.

*Toeskrywing van Onbehoorlike Motiewe Buite die Orde*

31. 'n Lid mag nie onbehoorlike motiewe aan 'n ander lid toeskryf nie.

*Persoonlike Aanvalle Buite die Orde*

32. 'n Lid mag nie 'n persoonlike aanval maak, of aanstootlike of onbetaamlike woorde met betrekking tot enige lid van die Wetgewende Raad gebruik nie.

*Aanstootlike Uitdrukkings omtrent die Wetgewende Raad Buite die Orde*

33. 'n Lid mag nie aanstootlike uitdrukkings omtrent die bestuur of verrigtings van die Wetgewende Raad gebruik nie.

*Prosedure by Beweerde Onbehoorlike Gedrag*

34. Daar mag nie verwys word na die persoonlike gedrag of enige beweerde onbehoorlike motiewe van 'n lid nie, uitgesonderd na 'n substantiewe mosie vir daardie doel ingedien.

*Name van Staatspresident, Ministers en Ander Hoogwaardigheidsbekleërs mag Nie Gebruik word Nie*

35. (1) Die naam van die Staatspresident, enige Minister of enige ander hoogwaardigheidsbekleër wat nie lid van die Wetgewende Raad is nie, mag nie gebruik word om die Wetgewende Raad te beïnvloed nie.

(2) 'n Lid mag nie in die openbaar 'n Minister of enige ander hoogwaardigheidsbekleër wat nie lid van die Wetgewende Raad is nie of enige staatsamptenaar, of beampte of werknemer van die Uitvoerende Raad, of lid van die publiek, wat in 'n aangewese plek teenwoordig is in die Wetgewende Raad gedurende die verrigtings daarvan, aanspreek nie.

*Daar mag nie na Gedrag van Staatspresident en Ander Verwys word nie*

36. (1) Daar mag nie na die gedrag van die Staatspresident, die Kabinet van die Republiek, enige ander hoogwaardigheidsbekleër wat nie lid van die Wetgewende Raad is nie, 'n regter van die Hooggeregshof of ander persone wat regterlike pligte uitvoer, verwys word nie of die gedrag van genoemde persone mag nie in 'n ongunstige lig gestel word nie.

(2) 'n Lid mag nie verraderlike of oproerige taal gebruik of die naam van die Staatspresident oneerbiediglik gebruik nie.

*Reëls vir Lid wat Wetgewende Raad Toespreek*

37. 'n Lid mag nie—

(a) na enige debat van dieselfde sessie oor enige onderwerp of saak wat op die oomblik nie in bespreking is, verwys nie, behalwe met vergunning van die Wetgewende Raad ter wille van 'n persoonlike verduideliking;

(b) die bespreking van enige ander onderwerp wat op die Ordelys voorkom, vooruitloop nie: Met dien verstande dat wanneer die Voorsitter moet beslis of 'n bespreking buite die orde is weens vooruitloping, hy in ag moet neem of dit waarskynlik is dat die saak wat vooruitgeloop word, binne 'n redelike tyd voor die Wetgewende Raad gebring sal word;

(c) na die verrigtings en verslag van 'n gekose komitee of ander komitee verwys nie alvorens sodanige verrigtings en verslag aan die Wetgewende Raad voorgelê is.

*Insulting Language Out of Order*

30. It shall be out of order to use offensive and insulting language about membes of the Legislative Council.

*Imputation of Improper Motives Out of Order*

31. A member shall not impute improper motives to any other member.

*Personal Charges Out of Order*

32. A member shall not make a personal charge or use offensive or unbecoming words in reference to any member of the Legislative Council.

*Offensive Expressions about Legislative Council Out of Order*

33. A member shall not use offensive expressions about the conduct or proceedings of the Legislative Council.

*Procedure on Alleged Improper Conduct*

34. The personal conduct or any alleged improper motives of a member shall not be referred to except on a substantive motion moved for that purpose.

*Names of State President, Ministers and Other Dignitaries Not to be Used*

35. (1) The name of the State President, any Minister or any other dignitary not being a member of the Legislative Council shall not be used to influence the Legislative Council.

(2) A member shall not publicly address the Minister, or any other dignitary not being a member of the Legislative Council, or any public servant, or officer or employee of the Executive Council, or member of the public, who may be present during proceedings of the Legislative Council in accommodation assigned to him.

*Conduct of State President and Others not to be Referred to*

36. (1) The conduct of the State President, the Cabinet of the Republic, any other dignitary not being a member of the Legislative Council, a Judge of the Supreme Court or other persons performing judicial functions shall not be referred to or reflected upon.

(2) A member shall not use treasonable or seditious language or use the name of the State President irreverently.

*Rules of Member Addressing Legislative Council*

37. A member shall not—

(a) refer to debates of the same session upon any question or matter not then under discussion except by the indulgence of the Legislative Council for personal explanation;

(b) anticipate the discussion of any other subject which appears on the Order Paper: Provided that in determining whether a discussion is out of order on the ground of anticipation regard shall be had by the Chairman to the probability of the matter being brought before the Legislative Council within a reasonable time;

(c) refer to the proceedings and report of a select committee or other committee until such proceedings and report have been presented to the Legislative Council.

*Ontoepaslikheid of Herhaling*

38. Nadat die Voorsitter die aandag van die Wetgewende Raad gevestig het op die gedrag van 'n lid wat volhou om aangeleenthede wat nie ter sake is nie, te bespreek, of om sy eie argumente of dié van ander lede tot vervelens toe te herhaal, kan hy die lid gelas om sy toespraak te staak en sy sitplek in te neem.

*Wanordelike Gedrag: Sensuur deur Wetgewende Raad*

39. (1) 'n lid wat—

(a) die gesag van die Stoel verontagsaam;

(b) aanstootlike woorde gebruik en dit nie verduidelik of terugtrek of bevredigend om verskoning vir die gebruik daarvan vra nie;

(c) deur die Voorsitter tot die orde geroep word en weier om te gaan sit;

(d) die Reglement van Orde van die Wetgewende Raad verontagsaam, misbruik of versuim om dit na te kom;

(e) opsetlik die werksaamhede van die Wetgewende Raad belemmer; of

(f) op 'n uiters wanordelike wyse optree,

moet onverwyld deur die Wetgewende Raad op versoek van die Voorsitter gesensureer word en moet hom daarna onttrek of verwyder word van die sitting van die Wetgewende Raad vir die oorblywende gedeelte van die sittingsdag.

(2) Enige lid teen wie daar deur die Wetgewende Raad kragtens die bepalings van hierdie reël opgetree is, verbeur vir daardie dag enige toelae aan hom betaalbaar op grond daarvan dat hy lid van die Wetgewende Raad is.

*Voorsitter se Bevoegdheid om Wetgewende Raad te Verdaag of Sitting op te Skort*

40. Ingeval groot wanordelikheid in die Wetgewende Raad ontstaan, kan die Voorsitter die Wetgewende Raad verdaag of enige sitting opskort vir 'n tydperk van hoogstens 24 uur.

## DEEL VIII

## PERMANENTE REKORDS EN TALE

*Hou van Permanente Rekords*

41. (1) Die Wetgewende Raad moet 'n permanente rekord hou van die vernaamste gebeurtenisse wat plaasvind vanaf die datum van instelling van die Wetgewende Raad.

(2) In die besonder moet die volgende opgeteken word:

(a) Die nommers van alle proklamasies en goewermentskennisgewings met betrekking tot die instelling of funksionering van die Wetgewende Raad;

(b) die naam en ampstermyn van iedere opvolgende Voorsitter en Ondervoorsitter;

(c) die naam en ampstermyn van iedere opvolgende Hoofraadslid en Raadslid;

(d) die naam van elke lid van die Wetgewende Raad;

(e) die nommers van alle maatreëls wat deur die Wetgewende Raad geneem word,

en afskrifte van alle sodanige proklamasies, goewermentskennisgewings en maatreëls moet bewaar word.

*Gebruik van Tale*

42. (1) Alle Notules en Ordelyste moet aangeteken word in die algemene voertaal wat deur die stamme van Oos-Caprivi gebruik word en soos deur die Wetgewende Raad Bepaal op die eerste dag van die eerste sessie daarvan, en in Afrikaans of Engels. Regterlike, administratiewe en finansiële dokumente moet ook, na gelang van omstandighede, so opgeteken word.

*Irrelevance or Repetition*

38. The Chairman, after having called the attention of the Legislative Council to the conduct of a member who persists in irrelevance or tedious repetition of his own or other members' arguments, may direct him to discontinue his speech and resume his seat.

*Disorderly Conduct: Censure by Legislative Council*

39. (1) A member who—

(a) disregards the authority of the Chair;

(b) uses objectionable words and does not explain or retract them or offer any satisfactory apologies for using them;

(c) having been called to order by the Chairman refuses to resume his seat;

(d) disregards, abuses or fails to observe the Rules of Procedure of the Legislative Council;

(e) wilfully obstructs the business of the Legislative Council; or

(f) behaves in a grossly disorderly manner,

shall forthwith on the Chairman's request be censured by the Legislative Council and shall thereupon withdraw or be removed from the sitting of the Legislative Council for the remainder of the day's sitting.

(2) Any member against whom action was taken by the Legislative Council in terms of the provisions of this rule shall forfeit for that day any allowance payable to him by reason of his being a member of the Legislative Council.

*Chairman's Powers to Adjourn Legislative Council or Suspend Sitting*

40. In the case of great disorder arising in the Legislative Council the Chairman may adjourn the Legislative Council or suspend any sitting for a period not exceeding 24 hours.

## PART VIII

## PERMANENT RECORDS AND LANGUAGES

*Maintenance of Permanent Records*

41. (1) The Legislative Council shall maintain a permanent record of the main events taking place from the date of establishment of the Legislative Council.

(2) In particular the following shall be recorded:

(a) The numbers of all proclamations and government notices relating to the establishment or operation of the Legislative Council;

(b) the name and period of office of each successive Chairman and Deputy Chairman;

(c) the name and period of office of each successive Chief Councillor and Councillor;

(d) the name of every member of the Legislative Council;

(e) the numbers of all enactments made by the Legislative Council,

and copies of all such proclamations, government notices and enactments shall be preserved.

*Use of Languages*

42. (1) All Votes and Proceedings and Order Papers shall be recorded in the language generally used by the tribes of Eastern Caprivi and as determined by the Legislative Council on the first day of the first session thereof and in Afrikaans or English. Judicial, administrative and financial documents shall also, as circumstances may dictate, be similarly recorded.

(2) Die Wetgewende Raad kan 'n verbatim verslag byhou van die verrigtings van die Wetgewende Raad en sodanige verbatim verslag moet aangeteken word—

(a) in die algemene voertaal soos deur die Wetgewende Raad bepaal word ingevolge subreël (1); en

(b) in Afrikaans of Engels.

(3) Toesprake moet in die taal ingevolge subreël (1) bepaal of in Afrikaans of Engels gelewer word, en toesprake moet uit die een taal in een of meer van voornoemde tale getolk word indien die Voorsitter aldus gelas.

## DEEL IX

## BEAMPTES: REKORDS EN STUKKE

*Sekretaris van die Wetgewende Raad*

43. Die Uitvoerende Raad moet 'n sekretaris en 'n assistent-sekretaris vir die Wetgewende Raad aanstel.

*Beheer oor Personeel*

44. Die Sekretaris van die Wetgewende Raad en die Assistentsekretaris en alle klerke, tolke, wagte, bodes of raadsaalbeamptes wat in diens geneem word in verband met die werksaamhede van die Wetgewende Raad, ressorteer gedurende die tydperk van sodanige diens onder die Departement van Owerheidsake en Finansies en voer hulle pligte uit onder die algemene bevele en beheer van die Direkteur, wat die administratiewe hoof van die Departement van Owerheidsake en Finansies is.

*Pligte van die Sekretaris van die Wetgewende Raad*

45. Die Sekretaris van die Wetgewende Raad is verantwoordelik vir die aantekening van Notule wat, nadat dit deur die Voorsitter goedgekeur is, beskikbaar gestel moet word aan lede op die volgende sittingsdag.

*Joernale van Wetgewende Raad*

46. Die Notule aldus beskikbaar gestel in die algemene voertaal van die stamme van Oos-Caprivi soos bepaal in reël 42 (1) en in Afrikaans of Engels maak die joernale van die Wetgewende Raad uit.

*Sekretaris van die Wetgewende Raad moet Stukke in sy Bewaring hê*

47. Al die Notules, rekords of ander dokumente wat aan die Wetgewende Raad behoort, moet in die bewaring van die Sekretaris van die Wetgewende Raad wees, en hy mag nie die Wetgewende Raad se afskrifte van Notules, rekords of ander dokumente uit die Raadsaal of kantore neem of toelaat dat dit geneem word sonder die uitdruklike verlof of bevel van die Wetgewende Raad nie: Met dien verstande dat, ingeval die Wetgewende Raad vir 'n tydperk van langer as een week verdaag, sodanige verlof deur die Hoofraadslid gegee kan word, en hierdie saak word dan aan die Wetgewende Raad op die volgende sitting daarvan gerapporteer.

*Regte van Lede ten Opsigte van Stukke*

48. Elke lid van die Wetgewende Raad is daarop geregtig om alle stukke wat op die Tafel van die Wetgewende Raad gelê word, te lees, of uittreksels daaruit of afksrifte daarvan te maak.

*Pligte van Sekretaris van Wetgewende Raad in Verband met Reëling van Werksaamhede*

49. Die Sekretaris van die Wetgewende Raad is, tensy anders bepaal, aan die Voorsitter verantwoordelik vir die reëling van alle sake betreffende die van-dag-tot-dag-werksaamhede van die Wetgewende Raad.

(2) The Legislative Council may maintain a verbatim report of the proceedings of the Legislative Council and such verbatim report shall be recorded—

(a) in the language generally used as determined by the Legislative Council in terms of subrule (1); and

(b) in Afrikaans or English.

(3) Speeches shall be delivered in the language determined in terms of subrule (1) or in Afrikaans or English, and speeches shall be interpreted from one language into one or more of the aforementioned languages if the Chairman so directs.

## PART IX

## OFFICERS: RECORDS AND PAPERS

*Secretary of the Legislative Council*

43. The Executive Council shall appoint a secretary and an assistant secretary to the Legislative Council.

*Control of Staff*

44. The Secretary of the Legislative Council and the Assistant Secretary and all clerks, interpreters, guards, messengers or chamber officials who may be employed in connection with business of the Legislative Council shall for the period of such employment fall under the Department of Authority Affairs and Finance and perform their duties under the general directions and control of the Director, who is the administrative head of the Department of Authority Affairs and Finance.

*Duties of Secretary of the Legislative Council*

45. The Secretary of the Legislative Council shall be responsible for the noting of Votes and Proceedings, and these, after being passed by the Chairman, shall be made available to members on the next sitting day.

*Journals of Legislative Council*

46. The Votes and Proceedings so made available in the language generally used by the tribes of Eastern Caprivi as determined in rule 42 (1) and in Afrikaans or English shall constitute the journals of the Legislative Council.

*Secretary of the Legislative Council to have Custody of Papers*

47. The Secretary of the Legislative Council shall have the custody of all Votes and Proceedings, records or other documents belonging to the Legislative Council and he shall neither take nor permit to be taken the Legislative Council's copies of such Votes and Proceedings, records or other documents from the Chamber or offices without the express leave or order of the Legislative Council: Provided that in the event of the Legislative Council being adjourned for any period longer than one week such leave may be given by the Chief Councillor, the matter being reported to the Legislative Council at its next sitting.

*Rights of Members as to Papers*

48. Every member of the Legislative Council shall be entitled to read or make extracts from or copies of all papers laid upon the Table of the Legislative Council.

*Duties of Secretary of Legislative Council Regarding Regulation of Business*

49. The Secretary of the Legislative Council shall, unless otherwise provided, be responsible to the Chairman for the regulation of all matters connected with the day-to-day business of the Legislative Council.

*Personeel vir Gekose en Ander Komitees*

50. Mits die nodige fondse beskikbaar is, is die Sekretaris van die Wetgewende Raad, handelende kragtens die opdrag van die Direkteur, wat die administratiewe hoof van die Departement van Owerheidsake en Finansies is, verantwoordelik om, waar dit nodig geag word, gekose en ander komitees van die nodige klerklike personeel of stenograaf te voorsien wanneer ook al komitees van die Wetgewende Raad verlang om mondelinge getuienis af te neem.

## DEEL X

## DAE EN URE VAN SITTINGS EN VERDAGINGS

*Sittingsdae*

51. Die Wetgewende Raad sit net op Maandae, Dinsdae, Woensdae, Donderdae en Vrydae, maar sit nie op 'n openbare vakansiedag nie: Met dien verstande dat die Wetgewende Raad op 'n mosie ingedien deur 'n Raadslid en aangeneem deur die Wetgewende Raad op enige ander dag, uitgesonderd 'n Sondag, in die mosie genoem, kan sit.

*Verdagings*

52. Elke verdaging van die Wetgewende Raad is tot die volgende sittingsdag, tensy die Wetgewende Raad op grond van 'n mosie deur 'n Raadslid ingedien, besluit om te verdaag tot 'n latere dag of *sine die*.

*Tye van Sittings*

53. Tensy die Wetgewende Raad anders besluit, sit genoemde Raad—

(a) op Maandae, Dinsdae, Woensdae en Donderdae van 10 vm. tot 5 nm.; en

(b) op Vrydae van 10 vm. tot 1 nm.:

Met dien verstande dat die Voorsitter, volgens sy diskresie en na oorlegpleging met die verantwoordelike Raadslid met betrekking tot enige aangeleentheid in bespreking, die verrigtings van die Wetgewende Raad tydelik moet opskort vir maaltye of ander verversings: Met dien verstande voorts dat die Wetgewende Raad na aanneming van 'n mosie wat deur 'n Raadslid ingedien word en wat dadelik sonder amendement of debat beslis word, 'n sitting kan verkort of verleng met inagneming van die hoeveelheid werk wat afgehandel moet word of die heersende omstandighede op dié tydstip.

## DEEL XI

## KWORUM

*Prosedure as daar geen Kworum is nie*

54. As die Voorsitter bevind dat daar nie 'n kworum, soos in reël 12 (3) bepaal, teenwoordig is nie, moet hy opdrag gee dat lede ontbied word deur die klokke te lui, en gedurende dié tydperk word die verrigtings van die Wetgewende Raad outomaties opgekort. Indien hy na twee minute oortuig is dat 'n kworum nie aanwesig is nie, verdaag hy die Wetgewende Raad onverwyld tot die volgende sittingsdag.

## DEEL XII

## MOSIES

*Definisie van Mosie*

55. (1) 'n Onafhanklike voorstel wat 'n Raadslid of lid wil indien vir oorweging van die Wetgewende Raad, uitgesonderd—

(a) 'n mosie vir die verdaging van die Wetgewende Raad; of

*Staff for Select Committees and Other Committees*

50. Subject to the necessary funds being available the Secretary of the Legislative Council acting under the direction of the Director, who is the administrative head of the Department of Authority Affairs and Finance, shall be responsible for providing select committees and other committees where deemed necessary with the necessary clerical staff or shorthand writer whenever committees of the Legislative Council wish to take oral evidence.

## PART X

## DAYS AND HOURS OF SITTINGS AND ADJOURNMENTS

*Sitting Days*

51. The Legislative Council shall sit on Mondays, Tuesdays, Wednesdays, Thursdays and Fridays only but shall not sit on a public holiday: Provided that the Legislative Council may on a motion moved by a Councillor and adopted by the Legislative Council sit on any other day, except a Sunday, named in the motion.

*Adjournments*

52. Every adjournment of the Legislative Council shall be till the next sitting day unless the Legislative Council has decided, on a motion moved by a Councillor, to adjourn to a later day or *sine die*.

*Times of Sittings*

53. Unless otherwise resolved by the Legislative Council, the said Council shall sit—

(a) on Mondays, Tuesdays, Wednesdays and Thursdays from 10 a.m. until 5 p.m.; and

(b) on Fridays from 10 a.m. until 1 p.m.:

Provided that the Chairman shall, in his discretion and after consultation with the Councillor in charge of any matter under discussion, suspend the business of the Legislative Council temporarily for meals or other refreshments: Provided further that the Legislative Council may on adoption of a motion by a Councillor and to be decided immediately without amendment or debate shorten or prolong the sitting having regard to the amount of business to be dispatched or to the circumstances prevailing at the time.

## PART XI

## QUORUM

*Procedure when Quorum not Present*

54. If the Chairman finds that a quorum as provided in rule 12 (3) is not present he shall direct that members be summoned by the ringing of the bells, during which period the proceedings of the Legislative Council shall be automatically suspended. If after two minutes he is satisfied that a quorum is not present he shall adjourn the Legislative Council forthwith until the next sitting day.

## PART XII

## MOTIONS

*Definition of Motion*

55. (1) A self-contained proposition which a Councillor or member wishes to put forward for the consideration of the Legislative Council, other than—

(a) a motion for the adjournment of the Legislative Council; or

(b) 'n mosie vir die verdaging van 'n debat;

word 'n substantiewe mosie genoem.

(2) Geen substantiewe mosie, uitgesonderd mosies bedoel in Deel XVI, is bevelend nie maar slegs 'n aanbeveling en elke substantiewe mosie wat ingedien staan te word in die Wetgewende Raad word voorafgegaan deur die woorde "dat volgens die mening van hierdie Wetgewende Raad die Uitvoerende Raad oorweging behoort te skenk aan die wenslikheid van . . .".

(3) Die Wetgewende Raad oorweeg mosies in subreël (2) bedoel en kan sodanige mosies na goeddunke goedkeur, wysig of verwerp.

*Indiening van Mosies*

56. Na ontvangs van die kennisgewing genoem in reël 2 (6), maar nie later nie as 30 dae voor die vasgestelde datum van die eerste sittingsdag van 'n sessie van die Wetgewende Raad, moet 'n stamowerheid enige mosies vir oorweging deur die Wetgewende Raad aan die Direkteur, wat die administratiewe hoof van die Departement van Owerheidsake en Finansies is, vir voorlegging aan die Uitvoerende Raad stuur: Met dien verstande dat die Uitvoerende Raad om goeie en genoegsame redes sy toestemming kan verleen tot die ontvangs van 'n mosie wat nie betyds aangestuur is nie maar te eniger tyd voor die aanvang van 'n sessie ontvang is.

*Mosies moet Onderteken wees*

57. Alle mosies wat ingevolge reël 56 aan die Direkteur, wat die administratiewe hoof van die Departement van Owerheidsake en Finansies is, gestuur word, moet deur twee lede van die betrokke stamowerheid onderteken wees.

*Bevoegdhede van Uitvoerende Raad ten opsigte van Mosie*

58. (1) 'n Mosie, uitgesonderd 'n mosie in Deel XVI bedoel, word deur die Uitvoerende Raad oorweeg wat beveel—

(a) dat dit op die Ordelys geplaas word soos dit by inlewering bewoord is; of

(b) dat dit na die betrokke stamowerheid terugverwys word vir verdere oorweging in die lig van sodanige verdere inligting as wat verstrek word.

(2) Alle bevele ingevolge subreglement (1) moet aan die betrokke stamowerheid oorgedra word nie later nie as 21 dae voor die vasgestelde datum vir die eerste sittingsdag van 'n sessie van die Wetgewende Raad.

*Dringende Mosies*

59. Ondanks enige andersluidende bepaling in reëls 56 en 58 (2), kan 'n mosie, in geval van sake van buitengewone belangrikheid en van uiterste dringendheid wat tydens 'n sessie van die Wetgewende Raad ontstaan, met die voorafgaande toestemming van die Uitvoerende Raad in die Wetgewende Raad ingedien word.

*Prosedure by die Indiening van 'n Mosie*

60. (1) 'n Lid wat deur die Voorsitter versoek word om 'n mosie in te dien, staan in sy plek op, dien die mosie in en maak sodanige opmerkings as wat hy wil maak.

(2) Elke mosie wat ingedien word, moet deur 'n lid gesekondeer word. As 'n mosie nie gesekondeer word nie, verval dit.

(3) Wanneer 'n mosie ingedien en gesekondeer is, lees die Voorsitter dit uit of laat hy dit uitlees, en laat hy toe dat dit deur die Wetgewende Raad bespreek word. Die mosie kan dan gedebatteer word en die debat kan, behoudens die nakoming van hierdie Reglement van Orde, so lank aanhou as wat enige lid wat die reg het om te praat, wil praat.

(b) a motion for the adjournment of a debate,

shall be termed a substantive motion.

(2) No substantive motion, other than motions referred to in Part XVI, shall be mandatory but merely a recommendation and every such substantive motion to be moved in the Legislative Council shall be prefaced by the words "that in the opinion of this Legislative Council the Executive Council should consider the advisability of . . .".

(3) Motions referred to in subrule (2) shall be considered by the Legislative Council which may approve, amend or reject such motions as it may deem fit.

*Submission of Motions*

56. After the receipt of the notification referred to in rule 2 (6) but not less than 30 days before the date fixed for the first sitting day of a session of the Legislative Council, a tribal authority shall forward any motions for the consideration of the Legislative Council to the Director, who is the administrative head of the Department of Authority Affairs and Finance, for submission to the Executive Council: Provided that the Executive Council may for good and sufficient reason agree to the acceptance of any motions not submitted timeously but received at any time before the commencement of a session.

*Motions to be Signed*

57. All motions submitted to the Director, who is the administrative head of the Department of Authority Affairs and Finance, in terms of rule 56 shall be signed by two members of the tribal authority concerned.

*Powers of Executive Council as to Motions*

58. (1) A motion, other than a motion referred to in Part XVI, shall be considered by the Executive Council which shall direct—

(a) that it be placed on the Order Paper in the terms in which it was handed in; or

(b) that it be referred back to the tribal authority concerned for further consideration in view of such further information as may be furnished.

(2) All directions in terms of subrule (1) shall be conveyed to the tribal authority concerned not less than 21 days before the date fixed for the first sitting day of a session of the Legislative Council.

*Urgent Motions*

59. Notwithstanding anything to the contrary contained in rules 56 and 58 (2) a motion may, in the case of matters of exceptional importance and extreme urgency arising during a session of the Legislative Council, with the prior consent of the Executive Council, be introduced in the Legislative Council.

*Procedure on Moving a Motion*

60. (1) A member called upon by the Chairman to move a motion shall rise in his place, move the motion and make such remarks as he may wish.

(2) Every motion moved shall require seconding by a member. If a motion is not seconded it shall lapse.

(3) When a motion has been moved and seconded, the Chairman shall read it or cause it to be read and allow it to be discussed by the Legislative Council. Debate may then take place on that motion and may continue subject to these Rules of Procedure being observed so long as any member who is entitled to speak wishes to speak.

(4) Wanneer die debat ophou, lê die Voorsitter die mosie voor vir beslissing.

(5) Wanneer 'n amendement of amendemente op 'n mosie voorgestel is, stel die Voorsitter eers die amendement of amendemente en, na al die amendemente afgehandel is, lees en stel hy weer die oorspronklike mosie of, indien dit gewysig is, die mosie, soos gewysig, voordat daaroor gestem word.

(6) Die volgorde waarin amendemente gestel word, is volgens die diskresie van die Voorsitter.

*Amendemente op Mosies: Prosedure*

61 (1) 'n Lid wat opgestaan het om 'n mosie te bespreek, kan 'n amendement op die mosie voorstel.

(2) 'n Amendement moet deur 'n lid gesekondeer word.

(3) 'n Amendement kan een van die volgende vorme aanneem:

(a) Om een of meer van die woorde van die mosie weg te laat;

(b) om een of meer woorde in die mosie in te voeg;

(c) om een of meer woorde aan die einde van die mosie by te voeg; of

(d) om sekere woorde van die mosie deur sekere ander woorde te vervang.

*Amendemente moet Skriftelik wees*

62. (1) 'n Amendement wat voorgestel word, moet op skrif wees en word na die Stoel gebring deur die voorsteller en aan die Voorsitter oorhandig wat die teks aan die Wetgewende Raad uitlees. Die amendement kan dan gedebatteer word.

(2) Lede kan meer as een amendement op 'n mosie wat bespreek word, voorstel, maar 'n voorstel vir die verdere wysiging van 'n voorgestelde amendement is buite die orde.

*Terugtrekking van Mosies*

63. (1) 'n Mosie of 'n amendement kan teruggetrek word op versoek van die voorsteller, met verlof van die Voorsitter, voordat die vraag daaromtrent ten volle gestel is. 'n Mosie of 'n amendement wat teruggetrek is, kan weer voorgestel word, indien, in die geval van 'n mosie, kennis gegee is.

(2) Kennisgewing van 'n mosie of amendement op die Ordelys kan te eniger tyd voor dit deur die betrokke lid voorgestel is van die Ordelys geskrap word.

*Voorstel om Debat te Verdaag*

64. 'n Lid wat opgestaan het om te praat oor 'n vraag voor die Wetgewende Raad kan voorstel dat die debat nou verdaag. Geen sekondant is nodig nie. Sodanige mosie word gestel slegs met die goedkeuring van die Voorsitter en as die Voorsitter oortuig is dat sodanige mosie nie misbruik van die regte en voorregte van lede is nie, stel hy die mosie.

*Getal Kere wat Lid oor Mosie mag Praat*

65. 'n Lid mag nie meer as een keer oor 'n mosie of 'n amendement praat nie, uitgesonderd—

(a) ter verduideliking van sy toespraak, soos bepaal by reël 20;

(b) in antwoord op 'n mosie of amendement, as hy die voorsteller daarvan is;

(c) in die geval van Raadslede wat antwoord op vrae opgewerp deur verskeie lede tydens 'n debat.

*Toesprake Verbode na Mosie deur Voorsitter Gestel is*

66. Geen lid mag oor 'n mosie of 'n amendement praat nadat dit ten volle deur die Voorsitter gestel is nie.

(4) When the debate ceases the Chairman shall put the motion for decision.

(5) When an amendment or amendments have been proposed to a motion the Chairman shall put the amendment or amendments and, after all amendments have been disposed of, shall again read and put the original motion or, if it has been amended, the motion as amended, before voting takes place.

(6) The order in which amendments shall be put shall be in the discretion of the Chairman.

*Amendments to Motions: Procedure*

61. (1) A member who has risen to speak on a motion may propose an amendment to that motion.

(2) An amendment shall require seconding by a member.

(3) An amendment may take one of the following forms:

(a) To leave out one or more words of the motion;

(b) to insert one or more words in the motion;

(c) to add one or more words at the end of the motion; or

(d) substitute certain other words for certain words contained in the motion.

*Amendments to be in Writing*

62. (1) An amendment proposed shall be in writing and shall be brought to the Chair by the mover and handed to the Chairman who shall read the text to the Legislative Council. Debate may then take place on the amendment.

(2) Members may propose more than one amendment to a motion under discussion but a proposal further to amend a proposed amendment shall be out of order.

*Withdrawal of Motions*

63. (1) A motion or an amendment may be withdrawn at the request of the mover by leave of the Chairman before the question has been fully put thereon. A motion or amendment which has been withdrawn may be proposed again if, in the case of a motion, notice has been given.

(2) A notice of motion or an amendment on the Order Paper may be removed at any time before it is moved by the member concerned.

*Proposal to Adjourn Debate*

64. A member who has risen to speak on a question before the Legislative Council may propose that the debate be now adjourned. No seconder shall be required. Such motion shall be put only with the approval of the Chairman and if the Chairman is satisfied that such motion will not be an abuse of the rights and privileges of members he shall put the motion.

*Number of Times when Members may Speak on Motion*

65. A member may not speak more than once on a motion or an amendment except—

(a) in explanation of his speech as provided in rule 20;

(b) in reply to a motion or amendment if he is the mover thereof;

(c) in the case of Councillors when replying to points raised by various members through the course of debate.

*Speeches Prohibited after Motion Put by Chairman*

66. No member may speak on a motion or an amendment after it has been fully put by the Chairman.

## DEEL XIII

## INDELING VAN WERKSAAMHEDE

*Volgorde van Werksaamhede*

67. Die werksaamhede van elke sittingsdag, uitgesonderd die eerste sittingsdag van 'n sessie, word ooreenkomstig die noodsaaklikheid daarvan, in onderstaande volgorde verrig:

(a) Gebed in die vorm voorgeskryf in die Aanhangsel hiervan;

(b) sterflys en ander seremoniële toesprake;

(c) petisies;

(d) afneem van ede van lede, indien nodig;

(e) uitlees deur die Hoofraadslid van boodskappe ontvang;

(f) ander aankondigings deur die Hoofraadslid of Raadslede;

(g) aankondigings deur die Voorsitter;

(h) verkiesing van Voorsitter of Ondervoorsitter, indien nodig;

(i) aankondiging van nominasies van Raadslede, indien nodig;

(j) verkiesing van Hoofraadslid, indien nodig;

(k) tertafellegging van verslae of stukke;

(l) vrae;

(m) verrigtings insake substantiewe mosies;

(n) verrigtings insake konsepmaatreëls, -belastingvoorstelle en -begroting van uitgawes.

*Vrae moet op Ordelys Geplaas word*

68. Formele skriftelike vrae aan Raadslede word op die Ordelys geplaas ooreenkomstig die bepalings van reël 75.

*Sake op Ordelys word deur die Werkkomitee Nagesien*

69. Alle sake, uitgesonderd mosies wat op die Ordelys geplaas word, word nagesien en goedgekeur deur die Werkkomitee of deur 'n Raadslid vir dié doel deur die Hoofraadslid aangewys.

*Voorrang word deur Werkkomitee Beslis*

70. Die Werkkomitee, of 'n Raadslid spesiaal vir die doel aangewys deur die Hoofraadslid, bepaal die voorrang van sake op die Ordelys.

*Aanbieding van Stukke*

71. Stukke kan slegs deur 'n Raadslid aan die Wetgewende Raad aangebied word.

## DEEL XIV

## VRAE

*Vrae kan aan Raadslede Gestel word*

72. 'n Lid wat nie 'n Raadslid is nie, kan aan 'n Raadslid 'n vraag stel met betrekking tot 'n openbare aangeleentheid waarvoor die Wetgewende Raad amptelik verantwoordelik is, waardeur hy inligting oor daardie saak wil inwin of amptelike optrede vra.

*Kennis van Vraag moet Gegee word*

73. Vrae word nie gevra sonder dat behoorlike kennis gegee is nie en dit kan gedoen word deur die aflewering van die vraag by die Sekretaris van die Wetgewende Raad minstens een volle dag voor die dag waarop 'n antwoord vereis word. Sodanige vrae word in die Ordelys gepubliseer op die dag na ontvangs, en die datum waarop 'n antwoord verlang word, moet vermeld word.

## PART XIII

## ARRANGEMENT OF BUSINESS

*Order or Business*

67. The business of each sitting day other than the first sitting day of a session shall, in accordance with the need thereof, be transacted in the following order:

(a) Prayers in the form prescribed in the Annexure hereto;

(b) obituaries and other ceremonial speeches;

(c) petitions;

(d) administration of oaths to members, if necessary;

(e) reading by the Chief Councillor of messages received;

(f) other announcements by the Chief Councillor or Councillors;

(g) announcements by the Chairman;

(h) election of Chairman or Deputy Chairman, if necessary;

(i) announcement of nominations of Councillors, if necessary;

(j) election of Chief Councillor, if necessary;

(k) tabling of reports or papers;

(l) questions;

(m) proceedings on substantive motions;

(n) proceedings on draft enactments, taxation proposals and estimates of expenditure.

*Questions to be on Order Paper*

68. Formal written questions to Councillors shall be placed on the Order Paper in accordance with the provisions of rule 75.

*Matters on Order Paper to be Scrutinised by Business Committee*

69. All matters other than motions placed on the Order Paper shall be scrutinised and approved by the Business Committee or by a Councillor designated for the purpose by the Chief Councillor.

*Order of Precedence to be Decided by Business Committee*

70. The Business Committee or a Councillor specially designated for the purpose by the Chief Councillor shall decide the order of precedence of business on the Order Paper.

*Presentation of Papers*

71. Papers may be presented to the Legislative Council only by a Councillor.

## PART XIV

## QUESTIONS

*Questions may be Asked of Councillors*

72. A member who is not a Councillor may address a question to a Councillor relating to a public matter for which the Legislative Council is officially responsible, in which question he seeks information on that matter or asks for official action.

*Notice of Question to be Given*

73. Questions shall not be asked without proper notice being given which may be done by delivering the question to the Secretary of the Legislative Council not less than one clear day before the day on which an answer is required. Such questions shall be published in the Order Paper on the day following the day of receipt and shall state the date upon which a reply is desired.

*Vrae sonder Kennisgewing*

74. (1) As 'n lid die toestemming van die Voorsitter vra om 'n vraag te stel sonder dat kennis voorag gegee is op grond daarvan dat dit van 'n dringende aard is en betrekking het op 'n aangeleentheid van openbare belang of op die indeling van werksaamhede, kan die Voorsitter toelaat dat die vraag sonder kennisgewing gevra word indien hy oortuig is dat die vraag wel van sodanige aard is.

(2) Behoudens die bepalings van subreël (1), word vrae slegs op een dag van die week beantwoord soos bepaal deur die Werkkomitee.

*Vorm van Vrae*

75. (1) 'n Vraag mag nie—

(a) die name van persone of verklarings wat nie streng noodsaaklik is vir verstaanbaarheid, insluit nie;

(b) 'n bewering bevat wat die lid wat die vraag stel, nie bereid is om te staaf nie;

(c) argumente, gevolgtrekkings, opinies, aantygings of toevoegings of tendensieuse, ironiese of aanstootlike uitdrukkings bevat nie;

(d) na verrigtings in 'n komitee verwys alvorens daardie komitee verslag aan die Wetgewende Raad gedoen het nie;

(e) inligting probeer inwin oor 'n saak wat uiteraard geheim is nie;

(f) refleksie werp of die beslissing van 'n geregshof nie of so ingeklee wees dat 'n hangende saak voor 'n geregshof moontlik benadeel kan word nie;

(g) gestel word met die doel om 'n uitspraak van opinie, die oplossing van 'n abstrakte saak, of die antwoord op 'n hipotetiese voorstel te verkry nie;

(h) gestel word of die verklarings in die pers of van private individue of private ondernemings akkuraat is nie;

(i) gestel word aangaande die karakter of gedrag van 'n persoon, uitgesonderd in sy amptelike of openbare hoedanigheid nie;

(j) gestel word om inligting te probeer inwin wat verkrygbaar is in toeganklike dokumente of gewone naslaanwerke nie;

(k) gestel word nie met die oog op inligting waarvan die inwinning, na die mening van die Uitvoerende Raad, langdurige en ongeregverdigde arbeid sal vereis of buitensporige of onnodige uitgawe sal veroorsaak.

(2) Antwoorde op vrae kan, indien nodig geag, ter Tafel gelê word.

*Vrae word slegs Een Maal Beantwoord*

76. 'n Vraag wat reeds ten volle beantwoord is, mag nie weer gedurende dieselfde sessie gevra word nie.

*Bevoegdheid van Voorsitter oor Vrae*

77. Die Voorsitter kan beveel dat enige vraag wat nie aan die bepalings van hierdie Reglement van Orde voldoen nie, nie in die Ordelys ingesluit moet word nie, tensy sekere veranderings, na hy gelas, aangebring is.

*Lid moet Vraag op Ordelys Stel*

78. Wanneer 'n vraag bereid word, staan die lid op wie se naam die vraag aangeteken is, op en stel die vraag aan die verantwoordelike Raadslid.

*Vrae geen Voorwendsel vir Debat*

79. 'n Lid mag nie die Wetgewende Raad oor 'n vraag toespreek en geen vraag mag as voorwendsel vir 'n debat gebruik word nie.

*Questions without Notice*

74. (1) If a member asks the permission of the Chairman to put a question without prior notice on the ground that it is of an urgent nature and relates to a matter of public importance or to the arrangement of business; the Chairman may permit the question to be asked without notice if he is satisfied that it is of that nature.

(2) Save as in subrule (1) provided, questions shall be answered only on one day of the week to be determined by the Business Committee.

*Form of Questions*

75. (1) A question shall not—

(a) include the names of persons or statements which are not strictly necessary to make the questions intelligible;

(b) contain a statement which the member who asks the question is not prepared to substantiate;

(c) contain arguments, inferences, opinions, imputations or epithets, or tendentious, ironical or offensive expressions;

(d) refer to proceedings in a committee before that committee has made its report to the Legislative Council;

(e) seek information about a matter which is of its nature secret;

(f) reflect on the decision of a court of law or be so drafted as to be likely to prejudice a case pending in a court of law;

(g) be asked for the purpose of obtaining an expression of opinion, the solution of an abstract case, or the answer to a hypothetical proposition;

(h) be asked whether statements in the press or of private individuals or private concerns are accurate;

(i) be asked about the character or conduct of a person except in his official or public capacity;

(j) be asked seeking information which can be found inaccessible documents or ordinary works of reference;

(k) ask for information the collection of which, in the opinion of the Executive Council, will require prolonged and unjustified labour or cause excessive or unnecessary expenditure.

(2) Replies to questions may, if deemed necessary, be laid on the Table.

*Questions to be Replied to only Once*

76. A question which has been fully answered shall not be asked again during the same session.

*Powers of Chairman on Questions*

77. The Chairman may direct that any question not conforming with the provisions of these Rules of Procedure shall not be included in the Order Paper unless certain alterations as he may direct have been made.

*Member Shall Ask Question on Order Paper*

78. When a question is reached the member in whose name the question stands shall rise and put the question to the responsible Councillor.

*Questions Not to be Pretext for Debate*

79. A member shall not address the Legislative Council on a question nor shall a question be made a pretext for a debate.

*Verval van Vrae*

80. As 'n lid nie teenwoordig is om sy vraag te stel wanneer sy naam uitgeroep word nie, en hy nie 'n ander lid gemagtig het om die vraag namens hom te stel nie, verval die vraag.

DEEL XV

WYSE VAN STEMMING OOR SUBSTANTIEWE MOSIES OF AMENDEMENTE

*Metode waarvolgens Substantiewe Mosies vir Bespreking Gestel word*

81. Wanneer die Voorsitter 'n mosie voorlê, òf in gewysigde òf in oorspronklike vorm, of 'n amendement op 'n mosie, doen hy dit deur te sê: "Stem almal saam?" As enige lid "Nee" sê, gelas die Voorsitter dat gestem moet word op die wyse bepaal.

*Prosedure wanneer Stemming Gelas word*

82. (1) Wanneer 'n stemming gelas is, laat die Sekretaris van die Wetgewende Raad die klokke lui vir 'n tydperk van twee minute en daarna word die deure van die Raadsaal toegemaak en gesluit en geen lid mag daarna die Raadsaal binnekom of verlaat voordat die stemming plaasgevind het nie.

(2) Wanneer die deure gesluit is, lê die Voorsitter die mosie of amendement weer voor en elke lid wat dan teenwoordig is, moet stem.

(3) Die Sekretaris van die Wetgewende Raad bring dan die stembriefies in gereedheid.

(4) Elke lid ontvang 'n stembriefie van die Sekretaris van die Wetgewende Raad, en elke lid moet dan die mosie of amendement waarvoor hy wil stem, aandui deur 'n kruisie teenoor sodanige mosie of amendement aan te bring.

(5) Die Voorsitter moet dan die naam van elke lid beurtelings uitroep en 'n lid moet, wanneer sy naam uitgeroep word, na die Tafel gaan en die stembriefie wat op so 'n manier gevou is dat die voorkant nie sigbaar is nie, in die stembus op die Tafel plaas.

(6) Nadat al die lede gestem het, moet die Voorsitter in teenwoordigheid van die Wetgewende Raad tesame met die Sekretaris van die Wetgewende Raad of die Assistent-sekretaris die stembriefies ondersoek en tel en die uitslag van die stemming aan die Wetgewende Raad bekend maak.

83. Indien die Voorsitter oortuig is dat—

(a) 'n stembriefie nie aan die vereistes van reël 82 voldoen nie, kan hy dit verwerp en met die stemming voortgaan, of die stembriefie of die hele stemming nietig verklaar en beveel dat die verrigtings vir die stemming of die hele stemming van voor af aan begin;

(b) die bepalings van reël 82 in enige ander opsig nie behoorlik uitgevoer is of word nie, kan hy die betrokke stemming of die hele stemming nietig verklaar en beveel dat die verrigtings vir die stemming of die hele stemming van voor af aan begin.

DEEL XVI

KONSEPMAATREËLS, -BELASTINGVOORSTELLE EN -BEGROTING VAN UITGAWES

*Konsepmaatreëls, -belastingvoorstelle en -begroting van Uitgawes moet aan Stamowerhede Beskikbaar Gestel word*

84. Die Uitvoerende Raad laat aan elke stamowerheid 'n afskrif stuur van elke konsepmaatreël, -belastingvoorstel en -begroting van uitgawes, tesame met die konsepmaatreël om uitvoering te gee aan sodanige voorstel of

*Lapsing of Questions*

80. If a member is not present to ask his question when his name is called and has not authorised some other member to ask the question on his behalf, the question shall lapse.

PART XV

METHOD OF VOTING ON SUBSTANTIVE MOTIONS OR AMENDMENTS

*Mode of Putting Substantive Motions for Discussion*

81. When the Chairman puts a motion, in either its amended or its original form, or an amendment to a motion he shall do so by saying "All agreed?". If any member says "No" the Chairman shall order that a ballot be held in the manner provided.

*Procedure when Ballot Ordered*

82. (1) When a ballot has been ordered the Secretary of the Legislative Council shall cause the bells to be rung for a period of two minutes whereafter the doors of the Chamber shall be closed and locked and no member shall thereafter enter or leave the Chamber before the ballot has taken place.

(2) When the doors have been locked the Chairman shall again put the motion or amendment and every member then present shall be required to vote.

(3) The ballot papers shall then be prepared by the Secretary of the Legislative Council.

(4) Each member shall be handed a ballot paper by the Secretary of the Legislative Council and each member shall thereupon signify the motion or amendment for which he desires to vote by placing a cross opposite such motion or amendment.

(5) The Chairman shall then call the name of each member in turn and a member shall when his name is called, come to the Table and drop the ballot paper, folded in such a manner that the face of the ballot paper is obscured, into the ballot box on the Table.

(6) When all the members have voted the Chairman shall in the presence of the Legislative Council examine and count the ballot papers with the Secretary of the Legislative Council or the Assistant Secretary and announce the result of the ballot to the Legislative Council.

83. If the Chairman is satisfied that—

(a) a ballot paper does not comply with the provisions of rule 82 he may reject it and proceed with the ballot or declare the ballot paper or the whole ballot void and order the proceedings for the ballot or the whole ballot to be begun afresh;

(b) the provisions of rule 82 have not been or are not being carried out properly in any other respect he may declare a particular ballot or the whole ballot void and order the proceedings for the ballot or the whole ballot to be begun afresh.

PART XVI

DRAFT ENACTMENTS, TAXATION PROPOSALS AND ESTIMATES OF EXPENDITURE

*Draft Enactments, Taxation Proposals and Estimates of Expenditure to be Made Available to Tribal Authorities*

84. The Executive Council shall cause to be forwarded to each tribal authority a copy of each draft enactment, taxation proposal as well as the estimates of expenditure together with the draft enactment to give effect to such

begroting, wat bedoel is om in die Wetgewende Raad voorgelê te word, minstens 21 dae voor die eerste sittingsdag van die sessie van die Wetgewende Raad waarop sodanige konsepmaatreël, -belastingvoorstel of -begroting van uitgawes voorgelê word.

*Wyse waarop Konsepmaatreëls, -belastingvoorstelle en -begroting van Uitgawes Ingedien word*

85. 'n Konsepmaatreël, -belastingvoorstel en -begroting van uitgawes, tesame met konsepmaatreëls om uitvoering te gee aan sodanige voorstel en begroting, word by die Wetgewende Raad ingedien deur die Hoofraadslid of ander betrokke Raadslid deur 'n afskrif daarvan ter Tafel te lê en deur kennis te gee dat hy op 'n datum wat vermeld moet word, sal voorstel dat die Wetgewende Raad die konsepmaatreël, -belastingvoorstel of -begroting van uitgawes en die toepaslike konsepmaatreël, na gelang van die geval, in beginsel moet aanneem.

*Oorweging van Konsepmaatreëls, -belastingvoorstelle en -begroting van Uitgawes*

86. Op die datum genoem in reël 85, gaan die Wetgewende Raad oor om die konsepmaatreël, -belastingvoorstel of -begroting van uitgawes en die toepaslike konsepmaatreël, na gelang van die geval, op die volgende wyse te oorweeg:

(a) (i) In die geval van 'n konsepmaatreël of -belastingvoorstel en die toepaslike konsepmaatreël, moet die Hoofraadslid of ander betrokke Raadslid die debat open deur die algemene oogmerk, omvang en doel daarvan en die noodsaaklikheid daarvan te vermeld;

(ii) in die geval van die konsepbegroting van uitgawes en die toepaslike konsepmaatreël, moet die Hoofraadslid die debat open met 'n toespraak waarin hy 'n oorsig gee van die finansiële posisie van die administrasie en die toekomstige ontwikkeling en beleid van die verskillende departemente;

(b) die Wetgewende Raad moet dan die algemene verdienstelikheid en beginsels van die konsepmaatreël, -belastingvoorstel of -begroting van uitgawes en die toepaslike konsepmaatreël bespreek, na gelang van die geval;

(c) uitgesonderd in die geval van die Hoofraadslid of ander betrokke Raadslid, mag geen toespraak langer as 30 minute duur nie en geen lid mag die Wetgewende Raad meer as een keer gedurende die loop van die debat toespreek nie;

(d) wanneer daar geen lid meer is wat wil praat nie, moet die Hoofraadslid of ander betrokke Raadslid op die debat antwoord maar het die keuse om sy antwoord uit te stel tot die volgende of enige toekomstige sittingsdag van die Wetgewende Raad.

*Oorweging van Besonderhede van Konsepmaatreëls, -belastingvoorstelle en -begroting van Uitgawes*

87. Indien die mosie in reël 85 bedoel, deur die Wetgewende Raad aangeneem is, moet die Wetgewende Raad, op 'n dag deur die verantwoordelike Raadslid bepaal, oorgaan om die besonderhede van die konsepmaatreël, -belastingvoorstel of -begroting van uitgawes, tesame met die konsepmaatreël om uitvoering daaraan te gee, na gelang van die geval, op die volgende wyse te oorweeg:

(a) In die geval van 'n konsepmaatreël—

(i) stel die Voorsitter die klousules agtereenvolgens;

(ii) moet die titel en die aanhef (as daar is) oorweeg word na die klousules en bylaes (as daar is) afgehandel is;

(iii) mag die beginsels van die konsepmaatreël nie bespreek word nie, maar slegs die besonderhede;

proposal or estimates, which it is proposed to submit to the Legislative Council, not less than 21 days before the first sitting day of the session of the Legislative Council at which such draft enactment, taxation proposal or estimates of expenditure are to be submitted.

*Method of Introduction of Draft Enactments, Taxation Proposals and Estimates of Expenditure*

85. A draft enactment, taxation proposal and estimates of expenditure together with draft enactments to give effect to such proposal and estimates, shall be introduced in the Legislative Council by the Chief Councillor or other Councillor concerned by his laying a copy thereof on the Table and giving notice that he shall move on a date to be stated that the draft enactment, taxation proposal or estimates of expenditure and the relevant draft enactment, as the case may be, be adopted in principle by the Legislative Council.

*Consideration of Draft Enactments, Taxation Proposals and Estimates of Expenditure*

86. On the date referred to in rule 85 the Legislative Council shall proceed to the consideration of the draft enactment, taxation proposal or estimates of expenditure and the relevant draft enactment, as the case may be, in the following manner:

(a) (i) In the case of a draft enactment or taxation proposal and the relevant draft enactment, the Chief Councillor or other Councillor concerned shall open the debate by stating the general object, scope and purpose thereof and the necessity therefor;

(ii) in the case of the draft estimates of expenditure and the relevant draft enactment the Chief Councillor shall open the debate with a speech in which he shall review the financial position of the administration and the future development and policy of the various departments;

(b) the Legislative Council shall thereupon debate the general merits and principles of the draft enactment, or taxation proposal or estimates of expenditure and the relevant draft enactment, as the case may be;

(c) except in the case of the Chief Councillor or other Councillor concerned, no speech may exceed 30 minutes nor shall a member address the Legislative Council more than once during the debate;

(d) when no more members wish to speak the Chief Councillor or other Councillor concerned shall reply to the debate but shall have the option to postpone his reply to the following or any future sitting day of the Legislative Council.

*Consideration of Details of Draft Enactments, Taxation Proposals and Estimates of Expenditure*

87. If the motion referred to in rule 85 is agreed to by the Legislative Council, the Legislative Council shall, on a day appointed by the Councillor in charge, proceed to consider the details of the draft enactment, taxation proposal or estimates of expenditure together with the draft enactment to give effect thereto, as the case may be, in the following manner:

(a) In the case of a draft enactment—

(i) the Chairman shall put the clauses in succession;

(ii) the title and the preamble (if any) shall be considered after the clauses and schedules (if any) have been disposed of;

(iii) the principles of the draft enactment shall not be discussed but only the details;

(iv) kan wysigings van 'n klousule of die invoeging van nuwe klousules voorgestel word, mits sodanige wysigings of klousules ter sake is betreffende die inhoud van die konsepmaatreël;

(v) indien enige wysiging of klousules wat nie in die titel of aanhef (as daar is) voorkom nie, aangeneem word, word die titel of aanhef dienooreenkomstig gewysig;

(b) in die geval van 'n belastingvoorstel en die toepaslike konsepmaatreël—

(i) moet die voorstel item vir item gestel word ooreenkomstig die konsepmaatreël wat bedoel is om uitvoering aan die betrokke voorstel te gee;

(ii) wanneer 'n bepaalde voorstel aangeneem is, word die toepaslike konsepmaatreël oorweeg op die wyse in paragraaf (a) bepaal;

(iii) word geen wysiging toegelaat indien dit die uitwerking het dat dit enige bedrag in 'n voorstel wat aangeneem is, verander nie;

(c) in die geval van die begroting van uitgawes—

(i) stel die Voorsitter elke begrotingspos soos opgeteken in die konsepmaatreël wat bedoel is om uitvoering aan die begroting van uitgawes te gee, vir oorweging in die besonder ooreenkomstig die begroting wat ter Tafel gelê is;

(ii) word elke begrotingspos wat onder elke departement van die Wetgewende Raad ressorteer, afsonderlik oorweeg;

(iii) wanneer 'n begrotingspos of subhoof van 'n begrotingspos aan die Wetgewende Raad gestel word, kan 'n amendement om sodanige begrotingspos of subhoof weg te laat of te verminder, voorgestel word, en dan is die aangeleentheid oop vir bespreking deur die Wetgewende Raad;

(iv) waar meer as een amendement van 'n begrotingspos of subhoof van 'n begrotingspos voorgestel word, stel die Voorsitter aan die einde van die bespreking oor sodanige amendemente eerste die amendement ten opsigte van die grootste vermindering;

(v) mag die Wetgewende Raad geen voorwaarde of 'n uitdrukking van opinie aan 'n begrotingspos of gedeelte daarvan heg nie, en mag ook nie die benaming van 'n begrotigspos of subhoof wysig nie;

(vi) is dit binne die orde om te eniger tyd tydens die bespreking van 'n begrotingspos of subhoof van 'n begrotingspos die uitstel van die oorweging van sodanige begrotingspos of subhoof voor te stel maar sodanige uitstel geld slegs totdat die oorblywende begrotingsposte afgehandel is;

(vii) mag 'n amendement wat meer as een subhoof insluit, nie voorgestel word by wyse van 'n vermindering van enige subhoof nie maar word oorgestel as 'n vermindering van die hele begrotingspos;

(viii) wanneer enige begrotingspos of subhoof afgehandel is, is 'n lid nie bevoeg om sodanige begrotinspos of subhoof weer te bespreek by 'n nuwe begrotinspos of subhoof wat dan oorweeg word nie, behalwe met die doel om die aangeleentheid in oorweging te verduidelik of te illustreer;

(d) uitgesonderd in die geval van die Hooraadslid of ander betrokke Raadslid, mag geen lid langer as 15 minute oor enige aangeleentheid geopper tydens die debat onder paragraaf (a), (b) of (c), praat nie, en 'n lid mag die Wetgewende Raad nie meer dikwels as drie sodanige tydperke tydens die verloop van die bepaalde debat toespreek nie;

(e) (i) wanneer 'n konsepmaatreël, of 'n konsepmaatreël om uitvoering te gee aan 'n belastingvoorstel of aan die begroting van uitgawes afgehandel is ooreenkomstig die

(iv) amendments to a clause or the insertion of new clauses may be moved, provided such amendments or clauses are relevant to the subject matter of the draft enactment;

(v) if any amendment or clause is adopted which is not within the title or preamble (if any), the title or preamble shall be amended accordingly;

(b) in the case of a taxation proposal and the relevant draft enactment—

(i) the proposal shall be put item by item according to the draft enactment designed to give effect to the particular proposal;

(ii) when a particular proposal has been agreed to, the relevant draft enactment shall be considered in the manner provided for in paragraph (a);

(iii) no amendment shall be allowed if the effect thereof is to alter any amount in a proposal agreed to;

(c) in the case of the estimates of expenditure—

(i) the Chairman shall put each vote as listed in the draft enactment designed to give effect to the estimates of expenditure for consideration in detail in accordance with the estimates which have been tabled;

(ii) each vote falling under each of the departments of the Legislative Council shall be considered separately;

(iii) when a vote or a subhead of a vote is put to the Legislative Council, an amendment to omit or reduce such vote or subhead may be moved, whereupon the matter shall be open to debate by the Legislative Council;

(iv) where more than one amendment to a vote or subhead of a vote is moved, the Chairman shall upon the conclusion of the debate on such amendments put the amendment in respect of the largest reduction first;

(v) the Legislative Council shall not attach a condition or an expression of opinion to a vote or part thereof, nor alter the designation of a vote or subhead;

(vi) it shall be in order at any time during the discussion of a vote or subhead of a vote to move the postponement of the consideration of such vote or subhead but such postponement shall be only until the remainder of the votes has been disposed of;

(vii) an amendment including more than one subhead shall not be proposed by way of a reduction of any subhead but shall be moved as a reduction of the whole vote;

(viii) when any vote or subhead has been disposed of, it shall not be competent for a member again to discuss such vote or subhead on a new vote or subhead then under consideration, except for the purpose of explaining or illustrating the matter under discussion;

(d) except in the case of the Chief Councillor or other Councillor concerned no member shall exceed 15 minutes in speaking to any matter raised during the debate under paragraph (a), (b) or (c) nor shall a member address the Legislative Council for more than three such periods during the course of a particular debate;

(e) (i) whenever a draft enactment or a draft enactment to give effect to a taxation proposal or to the estimates of expenditure has been dealt with in accordance

bepalings van paragraaf (a), (b) of (c), na gelang van die geval, stel die verantwoordelike Raadslid met betrekking tot die konsepmaatreël voor dat die konsepmaatreël met of sonder wysigings deur die Wetgewende Raad aangeneem word;

(ii) geen debat of amendement ten opsigte van sodanige mosie word toegelaat nie.

*Konsepmaatreël word aan Kommissaris-generaal gestuur*

88. Wanneer 'n konsepmaatreël deur die Wetgewende Raad aangeneem is, word 'n duidelike afskrif daarvan deur die Voorsitter onderteken en aan die Kommissaris-generaal gestuur vir verdere aandag soos by wet vereis.

*Reëls betreffende Debat, Mosies en Wyse van Stemming*

89. Uitgesonderd soos in hierdie Deel bepaal, geld die bepalings van reëls 12, 14 tot en met 40, 55 tot en met 66 en 81 tot en met 83 *mutatis mutandis* ten opsigte van die oorweging van konsepmaatreëls, -belastingvoorstelle en -begroting van uitgawes.

DEEL XVII

SESSIEKOMITEES EN GEKOSE KOMITEES

*Aanstelling van Sessiekomitees*

90. So gou doenlik na die aanvang van elke sessie stel die Wetgewende Raad die volgende sessiekomitees aan, wat elk uit vyf lede bestaan met inbegrip van die Voorsitter daarvan:

(a) Komitee oor die Reglement van Orde en Interne Reëlings, wie se opdrag ook die bestuur van en beheer oor die Wetgewende Raad se biblioteek, die verversingskamers en gerief en gemak van lede en die beskikbaarstelling van die verslae van die Wetgewende Raad insluit. Minstens een Raadslid en die Voorsitter van die Wetgewende Raad moet lede wees van die komitee met die Voorsitter van die Wetgewende Raad as voorsitter daarvan;

(b) Komitee oor Openbare Rekenings waarvan die lede aangestel word op aanbeveling van die Werkkomitee en wie se opdrag dit is om in te gaan op en aan die Wetgewende Raad verslag te doen oor—

(i) die rekenings wat die bewilliging van bedrae aantoon wat deur die Wetgewende Raad toegestaan is om openbare uitgawes te bestry; en

(ii) die jaarlikse verslag van die Kontroleur en Ouditeur-generaal oor sodanige rekenings en dié verslag word op staande voet verwys na hierdie sessiekomitee wat sodanige verslag formeel moet oorweeg en 'n besluit daaroor moet neem,

en die verslae van die sessiekomitees word ter Tafel gelê en daarna word sodanige verslae formeel deur die Wetgewende Raad oorweeg.

*Aanstelling van Werkkomitee*

91 (1) Daar is 'n sessiekomitee, genoem die Werkkomitee, bestaande uit die Hoofraadslid of ander Raadslid deur die Uitvoerende Raad as voorsitter van die Komitee aangestel, die Voorsitter van die Wetgewende Raad en een ander lid deur die Wetgewende Raad verkies.

(2) Die Werkkomitee oorweeg watter sake op die Ordelys voorrang bo ander moet geniet, en reël in die algemeen die dagordes vir die afhandeling van die van-dag-tot-dag-werksaamhede van die Wetgewende Raad.

with the provisions of paragraph (a), (b) or (c), as the case may be, the Councillor having charge of the draft enactment shall move that the draft enactment with or without amendments, be adopted by the Legislative Council;

(ii) no debate or amendment in respect of such motion shall be allowed.

*Draft Enactment to be Passed to Commissioner-General*

88. When a draft enactment has been passed by the Legislative Council a fair copy thereof shall be signed by the Chairman and forwarded to the Commissioner-General to be further dealt with as required by law.

*Rules of Debate, Motions and Method of Voting*

89. Save as provided in this Part, the provisions of rules 12, 14 to 40 inclusive, 55 to 66 inclusive and 81 to 83 inclusive shall *mutatis mutandis* apply to the consideration of draft enactments, taxation proposals and estimates of expenditure.

PART XVII

SESSIONAL COMMITTEES AND SELECT COMMITTEES

*Appointment of Sessional Committees*

90. As soon as possible after the beginning of each session the Legislative Council shall appoint the following sessional committees each consisting of five members including the Chairman hereof:

(a) Committee on Rules of Procedure and Internal Arrangements, whose terms of reference shall also include the management and control of the library of the Legislative Council, the refreshment rooms and convenience and comfort of members and the making available of the reports of the Legislative Council. At least one Councillor and the Chairman of the Legislative Council shall be members of the committee with the Chairman of the Legislative Council as Chairman thereof;

(b) Committee on Public Accounts, whose members shall be appointed on the recommendation of the Business Committee and whose terms of reference shall be to examine and to report to the Legislative Council upon—

(i) the accounts showing the appropriation of the sums granted by the Legislative Council to meet public expenditure; and

(ii) the annual report of the Controller and Auditor-General on such accounts, which report shall stand refered to the sessional committee which shall formally consider such report and pass a resolution thereon,

and the reports of the sessional committee shall be laid upon the Table whereupon such reports shall be formally considered by the Legislative Council.

*Appointment of Business Committee*

91. (1) There shall be as sessional committee, designated the Business Committee, consisting of the Chief Councillor or other Councillor appointed by the Executive Council to be chairman of the Committee, the Chairman of the Legislative Council and one other member elected by the Legislative Council.

(2) the Business Committee shall consider which matters on the Order Paper shall be given preference over others and generally arrange the orders of the day for the dispatch of the day-to-day business of the Legislative Council.

*Aanstelling van Gekose Komitees*

92. (1) Die Wetgewende Raad kan, by besluit op 'n mosie, 'n gekose komitee aanstel om die bepalings van 'n mosie te oorweeg of vir enige ander doel.

(2) Elke gekose komitee bestaan uit vyf lede soos volg:

(a) 'n Voorsitter aangestel deur die Uitvoerende Raad; en

(b) vier ander lede verkies op aanbeveling van die Werkkomitee deur die Wetgewende Raad.

(3) Die opdrag van 'n gekose komitee word deur die Wetgewende Raad beslis.

(4) Die kworum van 'n gekose komitee is drie lede, met inbegrip van die voorsitter daarvan.

(5) 'n Gekose komitee doen, sodra hy 'n mosie of enige ander saak na hom verwys klaar oorweeg het, verslag aan die Wetgewende Raad daaroor en sodanige verslag word formeel deur die Wetgewende Raad oorweeg. Die komitee word daarna ontbind. Indien die komitee van oordeel is dat hy nie in staat is om die oorweging van 'n mosie of ander saak voor die einde van die sessie af te handel nie, doen hy aldus verslag aan die Wetgewende Raad.

*Sessiekomitees en Gekose Komitees: Prosedure*

93. (1) Die beraadslagings van 'n sessiekomitee of gekose komitee word beperk tot die saak of sake na hom verwys en, in die geval van 'n gekose komitee oor 'n mosie, beperk tot die mosie en tersaaklike amendmente.

(2) 'n Sessiekomitee of gekose komitee sit op die tye deur sy voorsitter in oorleg met die lede bepaal en kan aanhou sit al sou die Wetgewende Raad ook verdaag. Die sittings van 'n sessiekomitee of gekose komitee is privaat, tensy die komitee anders gelas: Met dien verstande dat hierdie beperking nie vertolk word as sou dit gemagtigde persone, beamptes of getuies noodsaaklikerwys geassosieer met die werksaamhede van sodanige sessiekomitee of gekose komitee, uitsluit nie.

(3) As die voorsitter van 'n sessiekomitee of gekose komitee nie in staat is om teenwoordig te wees of om voor te sit op 'n sitting nie, verkies die komitee 'n ander lid tot voorsitter wie se ampstermyn die dag van sy verkiesing is.

(4) Verdelings in 'n sessiekomitee of gekose komitee word deur die komiteeklerk afgeneem wat elke lid afsonderlik vra hoe hy wil stem, en hy teken die stemme dienooreenkomstig aan.

(5) In geval van 'n geskil oor 'n aangeleentheid van prosedure kan lede van die komitee die voorsitter versoek om die aangeleentheid na die Voorsitter van die Wetgewende Raad te verwys vir beslissing en, indien die meerderheid van die lede sodanige versoek rig, moet die voorsitter van die sessiekomitee of gekose komitee dit doen.

(6) Nòg die voorsitter van 'n sessiekomitee of gekose komitee nòg enige ander voorsittende lid, stem, tensy daar 'n staking van stemme is, en in dié geval oefen hy 'n beslissende stem uit.

*Spesiale Verslag oor Bevoegdhede, Funksies en Verrigtings van Sessiekomitees en Gekose Komitees*

94. 'n Sessiekomitee of gekose komitee kan 'n sepsiale verslag indien met betrekking tot die bevoegdhede funksies en verrigtings van die komitee oor sake wat hy na goeddunke onder die aandag van die Wetgewende Raad wil bring.

*Appointment of Select Committees*

92. (1) The Legislative Council may by order on a motion appoint a select committee to consider the terms of a motion or for any other purpose.

(2) Every select committee shall consist of five members being—

(a) a chairman appointed by the Executive Council; and

(b) four other members elected on the recommendation of the Business Committee by the Legislative Council.

(3) The terms of reference of a select committee shall be decided by the Legislative Council.

(4) The quorum of a select committee shall be three members including the chairman.

(5) A select committee shall as soons as it has completed considering the motion or any other matter referred to it report to the Legislative Council thereon and such report shall be formally considered by the Legislative Council. The committee shall thereupon be dissolved. If the committee is of the opinion that it will not be able to complete consideration of the motion or other matter before the end of the session it shall so report to the Legislative Council.

*Sessional Committees and Select Committees: Procedure*

93. (1) The deliberations of a sessional committee or select committee shall be confined to the matter or matters referred to it and, in the case of a select committee on a motion, shall be confined to the motion and relevant amendments.

(2) A sessional committee or select committee shall sit at the times determined by its chairman in consultation with the members and may continue to sit although the Legislative Council may be adjourned. The sittings of a sessional committee or select committee shall be held in private unless the committee otherwise orders: Provided that this restriction shall not be so interpreted as to exclude authorised persons, officials or witnesses necessarily associated with the business of such sessional committee or select committee.

(3) If the chairman of a sessional committee or select committee is unable to be present or to preside at a sitting the committee shall elect some other member to be chairman whose tenure of office shall be for the day of his election.

(4) Divisions in a sessional committee or select committee shall be taken by the clerk to the committee who shall ask each member of the committee separately how he wishes to vote and record the votes accordingly.

(5) in case of a dispute over a matter of procedure the members of a committee may request the chairman to refer the matter to the Chairman of the Legislative Council for decision and, if so requested by a majority of the members, the chairman of the sessional committee or select committee shall be obliged to do so.

(6) Neither the chairman of a sessional committee or select committee nor any other member presiding shall vote unless the votes of other members are equally divided in which case he shall give a casting vote.

*Special Report on Powers, Functions and Proceedings of Sessional Committees and Select Committees*

94. A sessional committee or select committee may make a special report relating to the powers, functions and proceedings of the committee on matters which it thinks fit to bring to the notice of the Legislative Council.

*Notule*

95. Die notule van die verrigtings van 'n komitee boekstaaf alle verrigtings by die oorweging van 'n verslag of mosie in die komitee asook elke amendement voorgestel op die verslag of mosie, met 'n aantekening van verdelings, as verdelings in die komitee plaasgevind het, met vermelding van die name van lede wat by die verdeling stem of weier om te stem, en wie vir die vraag en wie daarteen gestem het en al hierdie aantekenings of notule word aan die Wetgewende Raad gerapporteer wanneer die verslag van die komitee ingedien word.

*Tertafellegging van Verslag en Verrigtings van 'n Sessiekomitee of Gekose Komitee*

96. 'n Verslag of spesiale verslag, met die notule van verrigtings van 'n sessiekomitee of gekose komitee en die notule van die getuienis, indien getuienis afgeneem is, word in die Wetgewende Raad ter Tafel gelê deur die voorsitter van die komitee.

*Wetgewende Raad Magtig die Laat Haal van Persone, Stukke en Rekords*

97. Geen sessiekomitee of gekose komitee mag sy bevoegdheid uitoefen om persone, stukke en rekords te laat haal nie, tensy spesifiek daartoe gemagtig in opdrag van die Wetgewende Raad.

*Getuienis en Dokumente moet nie Openbaar Gemaak word nie*

98. Getuienis afgeneem voor 'n sessiekomitee of gekose komitee en dokumente voorgelê aan die komitee mag nie deur 'n lid van die komitee of deur enige ander persoon gepubliseer of andersins openbaar gemaak word voordat die komitee sy verslag by die Wetgewende Raad ingedien het nie.

*Lede wat Regspraktisyns in en wat voor die Wetgewende Raad of 'n Komitee Verskyn, word nie Vergoed nie*

99. Geen lid mag voor die Wetgewende Raad of 'n komitee daarvan as 'n regspraktisyn vir of namens 'n party verskyn nie of in 'n hoedanigheid waarvoor hy gelde of vergoeding ontvang nie.

## DEEL XVIII

## NIE-LEDE

*Definisie van Nie-lede*

100. 'n Nie-lid is enige persoon wat nie 'n lid of beampte is wat pligte te vervul het in verband met die werksaamhede van die Wetgewende Raad nie.

*Bevoegdheid van Voorsitter on Nie-lede uit te Sluit*

101. Nie-lede kan toegelaat word om teenwoordig te wees in die Raadsaal op die plekke vir hulle afgesonder, maar moet hulle onttrek wanneer hulle daartoe versoek word deur die Voorsitter wat hulle na goeddunke kan gelas om hulle te onttrek.

*Bevoegdheid van Ampswag van Wetgewende Raad om Nie-lede te Verwyder*

102. Die Ampswag van die Wetgewende Raad verwyder, of sorg vir die verwydering van enige nie-lid uit enige deel van die Raadsaal of van die galerye toegewys aan slegs lede, asook enige nie-lid wat nadat hy toegang verleen is tot enige gedeelte van die Raadsaal of van die galerye, hom aan wangedrag skuldig maak of hom nie onttrek wanneer nie-lede gelas word om hulle te onttrek terwyl die Wetgewende Raad in sitting is nie.

*Minutes*

95. The minutes of the proceedings of a committee shall record all proceedings on consideration of a report or motion in the committee and on every amendment proposed to the report or motion, with a note of divisions, if divisions were taken in the committee, showing the names of members voting in the divisions or declining to vote and distinguishing on which side they voted and all such entries or minutes shall be reported to the Legislative Council when the report of the committee is presented.

*Tabling of Report and Proceedings of Sessional Committee and Select Committee*

96. A report or special report, with the minutes of proceedings of a sessional committee or select committee and the minutes of evidence, if evidence was taken, shall be laid on the Table of the Legislative Council by the Chairman of the committee.

*Legislative Council shall Authorise Sending for Persons, Papers and Records*

97. No sessional committee or select committee shall exercise its powers to send for persons, papers and records, unless it has been specifically permitted to do so by order of the Legislative Council.

*Evidence and Documents not to be Disclosed*

98. The evidence taken before a sessional committee or select committee and documents presented to the committee shall not be published or otherwise divulged by a member of the committee or by any other person before the committee has presented its report to the Legislative Council.

*Members Who are Legal Practitioners Appearing Before the Legislative Council or a Committee not to Receive Reward*

99. No member shall appear before the Legislative Council or a committee thereof as a legal practitioner for or on behalf of a party or in a capacity for which he is to receive a fee or reward.

## PART XVIII

## NON-MEMBERS

*Definition of Non-Members*

100. A non-member is any person who is not a member or an official who has duties to perform in connection with the business of the Legislative Council.

*Power of Chairman to Exclude Non-Members*

101. Non-members may be permitted to be present in the Chamber in the places set apart for them but must withdraw when called upon to do so by the Chairman, who may, whenever he thinks fit, order them to withdraw.

*Power of Serjeant-at-Arms of Legislative Council to Remove Non-Members*

102. The Serjeant-at-Arms of the Legislative Council shall remove or cause to be removed any non-member from any part of the Chamber or of the galleries appropriated to the membes only, as well as any non-member who, having been admitted into any part of the Chamber or of the galleries, shall misconduct himself or shall not withdraw when non-members are directed to withdraw while the Legislative Council is sitting.

*Lid Vestig Aandag op Nie-lid*

103. As 'n lid tydens 'n sitting van die Wetgewende Raad die aandag daarop vestig dat nie-lede teenwoordig is, beveel die Voorsitter die nie-lede om hulle te onttrek, of stel die vraag: "dat nie-lede beveel word om hulle te onttrek", sonder om enige debat of amendement toe te laat.

## DEEL XIX

## DIVERSE BEPALINGS

*Minagting*

104. Enige persoon wat opsetlik 'n wettige bevel van die Wetgewende Raad nie gehoorsaam nie, is aan minagting skuldig.

*Lid of Persoon Skuldig Verklaar aan Minagting*

105. 'n Lid of persoon wat aan minagting skuldig is, word op las van die Voorsitter in die bewaring van die Ampswag van die Wetgewende Raad gestel en met hom word volgens wet gehandel.

*Lid mag nie Geldelik Belang hê nie*

106. (1) 'n Raadslid of ander lid van die Wetgewende Raad mag nie in of voor die Wetgewende Raad, of 'n sessiekomitee of gekose komitee daarvan, stem oor, of deelneem aan, die bespreking van, na gelang van die geval, enige aangeleentheid waarin hy 'n geldelike belang het nie.

(2) 'n Lid wat die bepalings van subreël (1) oortree, begaan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R50 of gevangenisstraf van hoogstens drie maande.

(3) Enige boete ingevolge subreël (2) betaal, word in die Inkomstefonds ingestel ingevolge die bepalings van die Wet inbetaal.

(4) Die hof wat iemand skuldig bevind het aan 'n oortreding van hierdie reël kan die veroordeelde persoon gelas om die bedrag of die waarde van enige gelde, vergoeding, geskenk of beloning deur hom aangeneem of ontvang, terug te betaal.

(5) Die bepalings van hierdie reël is nie van toepassing nie op enige stemming of bespreking aangaande die vergoeding of toelae wat 'n lid van die Wetgewende Raad in sy hoedanigheid van raadslid of lid van die Wetgewende Raad sou mag ontvang, of op enige belang wat enige sodanige lid by enige aangeleentheid gemeenskaplik met die algemene publiek, of enige klas of deel daarvan, het nie.

*Lede mag nie Gelde of Vergoeding Ontvang nie*

107. (1) Geen Raadslid of ander lid van die Wetgewende Raad mag, hetsy direk of indirek, enige gelde, vergoeding, geskenk of beloning aanneem of ontvang nie, tensy anders bepaal, ten opsigte van enige plig of diens wat hy in sy hoedanigheid van lid verrig of vir die bevordering of opponering deur hom van 'n mosie, besluit, aangeleentheid of saak voorgelê, of bedoel om voorgelê te word vir oorweging deur die Wetgewende Raad, Uitvoerende Raad of enige komitee.

(2) Die bepalings van subreël (1) is *mutatis mutandis* van toepassing op enige prokureur of agent wat by die uitoefening van sy beroep 'n vennoot is of in diens is van enige lid van die Wetgewende Raad.

(3) Enige een wat die bepalings van subreël (1) of (2) oortree, begaan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met die strawwe voorgeskryf by reël 106 (2). Die bepalings van reël 106 (3) is *mutatis mutandis* van toepassing op sodanige strawwe.

*Member Calling Attention to Non-Member*

103. If at any sitting of the Legislative Council any member takes notice that non-members are present, the Chairman shall order such non-members to withdraw, or may put the question: "That non-members be ordered to withdraw", without permitting any debate or amendment.

## PART XIX

## MISCELLANEOUS PROVISIONS

*Contempt*

104. Any person who wilfully disobeys any lawful order of the Legislative Council shall be guilty of contempt.

*Member or Person Declared Guilty of Contempt*

105. Any member or person guilty of contempt shall be committed to the custody of the Serjeant-at-Arms of the Legislative Council by order of the Chairman and dealt with in accordance with the law.

*Member not to have Pecuniary Interest*

106. (1) A Councillor or other member of the Legislative Council shall not in or before the Legislative Council or any sessional committee or select committee thereof vote upon or take part in the discussion, as the case may be, of any matter in which he has a pecuniary interest.

(2) Any member who contravenes the provisions of subrule (1) shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R50 or to imprisonment for a period not exceeding three months.

(3) Any fine paid in terms of subrule (2) shall be paid into the Revenue Fund established in terms of the Act.

(4) The court which has convicted any person of a contravention of this rule may order the person convicted to repay the amount or the value of any fee, compensation, gift or reward accepted or received by him.

(5) The provisions of this rule shall not apply to any vote or discussion concerning any remuneration or allowance to be received by a member of the Legislative Council in his capacity as Councillor or as member of the Legislative Council, or to any interest which any such member may have in any matter in common with the public generally or with any class or section thereof.

*Members not to Accept Fee or Reward*

107. (1) No Councillor or other member of the Legislative Council shall accept or receive either directly or indirectly any fee, compensation, gift or reward, except as otherwise provided, in respect of any duty or service performed by him in his capacity as member or for the promotion of, or opposition by him to, any motion, resolution, matter or thing submitted or intended to be submitted for the consideration of the Legislative Council, the Executive Council or any committee.

(2) The provisions of subrule (1) shall *mutatis mutandis* apply to any attorney or agent who in the practice of his profession is a partner or in the service of any member of the Legislative Council.

(3) Any person who contravenes the provisions of subrule (1) or (2) shall be guilty of an offence and liable on conviction to the penalties prescribed in rule 106 (2). The provisions of rule 106 (3) shall *mutatis mutandis* apply to such penalties.

*Opskorting van Reëls van Reglement van Orde*

108. (1) Enige reël van hierdie Reglement van Orde kan op mosie na kennisgewing opgeskort word as die mosie met die meerderheid van stemme van die lede aangeneem word: Met dien verstande dat in gevalle van dringende noodsaaklikheid (waaromtrent die Voorsitter oordeel) enige sodanige reël met die toestemming van die Wetgewende Raad op mosie sonder kennisgewing opgeskort kan word.

(2) Die opskorting van 'n reël is by die toepassing daarvan beperk tot die bepaalde doel waarvoor om sodanige opskorting gevra is.

*Gevalle Waarvoor nie Voorsiening Gemaak is nie*

109. In alle gevalle waarvoor daar nie in hierdie Reglement van Orde voorsiening gemaak is nie moet die Voorsitter beslis, en neem hy as sy leidraad die Reglement van Orde en Gebruike van die Volksraad van die Republiek vir sover hulle toegepas kan word op of aangepas kan word by die verrigtings van die Wetgewende Raad.

AANHANGSEL

*Gebed*

O, Almagtige en Barmhartige God en Hemelse Vader wat in U ewige wysheid en voorsienigheid owerhede en magte verorden het om tot welsyn van lande en volke te regeer, ons bid U, laat U aangesig oor ons, U dienskneгte, lig waar U ons geroep het.

Laat U seën ryklik neerdaal op ons wat hier vergader is en begenadig ons om, onder U leiding so te beraadslaag en so aan alles wat hier verrig mag word reg en geregtigheid te laat geskied, dat dit slegs tot eer en verheerliking van U naam mag strek en tot bevordering van die belange van ons land en volk wat U ons geroep het om te dien. Dit alles bid ons in die naam van onse Here Jesus Christus.—Amen.

Onse Vader wat in die hemele is, laat U naam geheilig word; laat U koninkryk kom; laat U wil geskied, soos in die hemel so ook op die aarde; gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe; en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die bose; want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.—Amen.

No. R. 8, 1972.

WETGEWENDE RAAD VAN OOS-CAPRIVI.—SALARISSE EN TOELAES VAN LEDE

Nademaal 'n Wetgewende Raad vir Oos-Caprivi ingestel is;

En nademaal dit nodig is om voorsiening te maak vir die betaling van salarisse en toelaes aan lede van die Wetgewende Raad van Oos-Caprivi en vir sekere aangeleenthede wat daaruit voortvloei;

So is dit dat ek kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 13 van die Wet op die Ontwikkeling van Selfbestuur vir Naturellevolke in Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 54 van 1968), hierby ten opsigte van Oos-Caprivi voorsiening maak vir die betaling van sodanige salarisse en toelaes en vir sodanige aangeleenthede ooreenkomstig bygaande Bylae.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Agtiende dag van Januarie Eenduisend Negehonderd Twee-en-sewentig.

J. J. FOUCHÈ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

M. C. BOTHA.

*Suspension of Rules of Procedure*

108. (1) Any rule of these Rules of Procedure may be suspended upon motion made after notice, such motion being carried by a majority of votes of the members: Provided that in cases of urgent necessity (of which the Chairman shall be the judge) any such rule may with the consent of the Legislative Council be suspended upon motion made without notice.

(2) The suspension of a rule is limited in its operation to the particular purpose for which such suspension has been sought.

*Cases not Provided for*

109. In every case not proved for in these Rules of Procedure the Chairman shall decide, taking for his guide the Standing Orders and Practice of the House of Assembly of the Parliament of the Republic in so far as they can be applied or adapted to the proceedings of the Legislative Council.

ANNEXURE

*Prayer*

O, Almighty God and Heavenly Father, who in Thy infinite mercy and wisdom hast called rulers and appointed governments for the welfare of society and the just government of men, we beseech thee to bestow Thy abundant favour upon us, Thy servants.

Let Thy blessing descend upon us here assembled and faithful a manner as to promote Thy honour and consider all matters that shall come before us in so just and faithful a manner as to promote Thy honour and glory and to advance the welfare of our people whom Thou hast called us to serve. All this we ask in the name and for the sake of our Lord Jesus Christ.—Amen.

Our Father which art in heaven, hallowed be Thy name, Thy kingdom come. Thy will be done on earth, as it is in heaven. Give us this day our daily bread and forgive us our trespasses, as we forgive them that trespass against us, and lead us not into temptation, but deliver us from evil. For Thine is the kingdom, the power and the glory, for ever and ever.—Amen.

No. R. 8, 1972

EASTERN CAPRIVI LEGISLATIVE COUNCIL.—SALARIES AND ALLOWANCES OF MEMBERS

Whereas a Legislative Council has been established for Eastern Caprivi;

And whereas it is necessary to provide for the payment of salaries and allowances to members of the Eastern Caprivi Legislative Council and for certain matters incidental thereto;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by section 13 of the Development of Self-government for Native Nations in South-West Africa Act, 1968 (Act 54 of 1968), I hereby provide, in respect of Eastern Caprivi, for the payment of such salaries and allowances and for such matters, in accordance with the provisions of the Schedule hereto.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Eighteenth day of January, One thousand Nine hundred and Seventy-two.

J. J. FOUCHÈ, State President.

By Order of the Sate President-in-Council:

M. C. BOTHA.

## BYLAE

## WETGEWENDE RAAD VAN OOS-CAPRIVI.—SALARISSE EN TOELAES VAN LEDE

*Salarisse van Hoofraadslid, Raadslede, Voorsitter en Ondervoorsitter*

1. (1) Die salaris betaalbaar aan 'n lid van die Wetgewende Raad van Oos-Caprivi wat die amp van die Hoofraadslid, Raadslid, Voorsitter of Ondervoorsitter beklee, is soos volg:

(a) Hoofraadslid: R3 600 per jaar;

(b) Raadslid: R3 000 per jaar;

(c) Voorsitter: R600 per jaar;

(d) Ondervoorsitter: R300 per jaar.

(2) Die sessie- en reistoelaes voorgeskryf by artikels 2 en 3, is nie betaalbaar aan lede van die Uitvoerende Raad vanaf die datum van hulle nominasie vir sodanige ampte nie.

(3) Indien 'n kaptein verkies word tot of genomineer word as Hoofraadslid of Raadslid, na gelang van die geval, word, vanaf die datum van sodanige verkiesing of nominasie, die salaris voorgeskryf by subartikel (1) (a) of (1) (b), na gelang van die geval, aan hom betaal en betaling van sy jaarlikse stipendium as kaptein word gestaak.

(4) Indien 'n kaptein verkies word tot of genomineer word as Hoofraadslid of Raadslid, kan hy 'n gevolmagtigde benoem om hom behulpsaam te wees met die uitvoering van ampspligte betreffende sy kapteinskap en aan sodanige gevolmagtigde word gedurende sy ampstermyn deur die Wetgewende Raad 'n toelae van hoogstens R600 per jaar betaal wat deur die Minister van Bantoeadministrasie en -ontwikkeling in oorleg met die Uitvoerende Raad bepaal word.

(5) Die sessietoelaes, voorgeskryf by artikel 2, is nie betaalbaar aan die Voorsitter en Ondervoorsitter vanaf die datum van hul verkiesing tot sodanige ampte nie.

*Sessietoelae*

2. (1) Die sessietoelae betaalbaar aan 'n lid van die Wetgewende Raad vir werklike bywoning van sessies van die Wetgewende Raad is—

(a) ten opsigte van 'n lid wat 'n kaptein is, R4 per dag of gedeelte daarvan;

(b) ten opsigte van enige ander lid, R3 per dag of gedeelte daarvan.

(2) Die toelae voorgeskryf by subartikel (1), is betaalbaar aan 'n lid van die Wetgewende Raad vir bywoning van vergaderings van 'n gekose komitee of ander komitee van die Wetgewende Raad, wat gehou word wanneer die Wetgewende Raad nie in sessie is nie.

*Reistoelae*

3. Wanneer 'n lid van die Wetgewende Raad sessies van die Wetgewende Raad of van 'n gekose komitee of ander komitee, wat gehou word wanneer die Wetgewende Raad nie in sessie is nie, bywoon of wanneer hy op ander dienste van die Wetgewende Raad reis, soos gemagtig deur die Wetgewende Raad of Uitvoerende Raad of, waar die omstandighede dringend is, deur die Hoofraadslid, word aan hom betaal—

(a) Tien sent vir elke myl (of gedeelte daarvan) noodsaaklikerwys afgelê met die kortste beskikbare roete vanaf die lid se woonplek tot by die naaste openbare vervoer, as daar is, en terug;

## SCHEDULE

## EASTERN CAPRIVI LEGISLATIVE COUNCIL.—SALARIES AND ALLOWANCES OF MEMBERS

*Salaries of Chief Councillor, Councillors, Chairman and Deputy Chairman*

1. (1) The salary payable to a member of the Eastern Caprivi Legislative Council who occupies the office of Chief Councillor, Councillor, Chairman or Deputy Chairman shall be as follows:

(a) Chief Councillor: R3 600 per annum;

(b) Councillor: R3 000 per annum;

(c) Chairman: R600 per annum;

(d) Deputy Chairman: R300 per annum.

(2) The sessional and travelling allowances prescribed by section 2 and 3 shall not be payable to members of the Executive Council as from the date of their nomination to such posts.

(3) If a chief is elected or nominated Chief Councillor or Councillor, as the case may be, he shall as from the date of such election or nomination be paid the salary prescribed by subsection (1) (a) or (1) (b), as the case may be, and payment of his annual stipend as chief shall cease.

(4) If a chief is elected or nominated Chief Councillor or Councillor, he may nominate a deputy to assist him in the performance of official duties relating to his chieftainship and such deputy shall during the period of his office be paid by the Legislative Council an allowance, not exceeding R600 per annum, to be determined by the Minister of Bantu Administration and Development in consultation with the Executive Council.

(5) The sessional allowances prescribed by section 2 shall not be payable to the Chairman and Deputy Chairman from the date of their election to such offices.

*Sessional Allowance*

2. (1) The sessional allowance payable to a member of the Legislative Council for actual attendance at sessions of the Legislative Council shall be—

(a) in respect of a member who is a chief, R4 per day or part thereof;

(b) in respect of any other member, R3 per day or part thereof.

(2) The allowance prescribed by subsection (1) shall be payable to a member of the Legislative Council for attendance at meetings of a select committee or other committee of the Legislative Council, held when the Legislative Council is not in session.

*Travelling Allowance*

3. A member of the Legislative Council, when attending session of the Legislative Council or of a select committee or other committee, held when the Legislative Council is not in session, or when proceeding on other Legislative Council duty as authorised by the Legislative Council or Executive Council or, where circumstances are urgent, by the Chief Councillor, shall be paid—

(a) Ten cents for each mile (or portion thereof) necessarily travelled by the shortest available route from the member's place of residence to the nearest public transport, if any, and back;

(b) die noodsaaklike uitgawes aan sodanige openbare vervoer aangegaan:

Met dien verstande dat waar openbare vervoer nie beskikbaar is nie, die lid betaal kan word teen die tarief van 10 sent vir elke myl (of gedeelte daarvan) van die gesamentlike reis met die kortste beskikbare roete vanaf die lid se woonplek na sy bestemming en terug na genoemde woonplek: Met dien verstande voorts dat die betaling van die myltoelaes geskied alleen ten opsigte van een retoerreis gedurende enige een week waarin die Wetgewende Raad, 'n gekose komitee of enige ander komitee in sessie is.

*Ander Toelaes*

4. Wanneer 'n lid op ander diens van die Wetgewende Raad reis soos gemagtig deur die Wetgewende Raad of Uitvoerende Raad of, waar die omstandighede dringend is, deur die Hoofraadslid, word aan hom betaal 'n toelae van R3 per dag van 24 uur vir die tydperk waarin die lid noodsaaklikerwys van huis op sodanige diens afwesig is: Met dien verstande dat vir elke volle uur van afwesigheid langer as 24 uur of 'n veelvoud van 24 uur aan 'n lid een vier-en-twintigste van die daelikse tarief betaal kan word: Met dien verstande voorts dat vir afwesigheid van minder as 24 uur redelik geringe persoonlike uitgawes van hoogstens R2 betaal kan word: Met dien verstande voorts dat wanneer 'n lid wat die Hoofraadslid of 'n Raadslid is in diens van die Wetgewende Raad reis, sodanige toelaes aan hom betaal word as wat die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling mag bepaal.

5. As die Direkteur, wat die administratiewe hoof van die Departement van Owerheidsake en Finansies is, in spesiale omstandighede daarvan oortuig is dat die tariewe in artikels 3 en 4 voorgeskryf, onvoldoende is om die redelike uitgawes van 'n lid van die Wetgewende Raad aan enige van die dienste genoem in genoemde artikels 3 en 4 te dek, kan hy magtiging verleen tot sodanige bykomende betaling as wat hy goedvind.

*Verteenwoordiger van 'n Lid*

6. Vir doeleindes van hierdie Proklamasie word 'n persoon bedoel in artikel 3 (1) van Proklamasie R. 6 van 1972 geag 'n lid bedoel in artikel 2 (1) (c) van hierdie Proklamasie te wees.

(b) the necessary expenditure incurred on such public transport:

Provided that where public transport is not available, the member may be paid at the rate of 10 cents for each mile (or portion thereof) for the combined journey by the shortest available route from the member's place of residence to his destination and back to the said place of residence: Provided further that payment of the mileage allowances shall be made in respect of one return journey only in any one week during which the Legislative Council, select committee or other committee is in session.

*Other Allowances*

4. A member shall be paid, when proceeding on other Legislative Council duty as authorised by the Legislative Council or Executive Council or, where circumstances are urgent, by the Chief Councillor, an allowance of R3 per day of 24 hours for the period during which the member is necessarily absent from his home on such duty: Provided that for each complete hour of absence in excess of 24 hours or multiple of 24 hours a member may be paid one twenty-fourth of the daily rate: Provided further that for an absence of less than 24 hours reasonable out-of-pocket expenses not exceeding R2 may be paid: Provided further that when a member who is the Chief Councillor or a Councillor proceeds on Legislative Council duty such allowances shall be paid to him as the Minister of Bantu Administration and Development may determine.

5. If in special circumstances the Director, who is the administrative head of the Department of Authority Affairs and Finance, is satisfied that the rates prescribed in sections 3 and 4 are insufficient to meet the reasonable expenses of a member of the Legislative Council on any of the services mentioned in the said sections 3 and 4, he may authorise such additional payment as he may deem fit.

*Representative of a Member*

6. For the purposes of this Proclamation, a person referred to in section 3 (1) of Proclamation R. 6 of 1972 shall be deemed to be a member referred to in section 2 (1) (c) of this Proclamation.

## INHOUD


| No. | | BLADSY |
|---|---|---|
| | **PROKLAMASIES** | |
| R. | 6. Wetgewende Raad van Oos-Caprivi ... | 1 |
| R. | 7. Reglement van Orde vir die Wetgewende Raad van Oos-Caprivi ... ... ... ... ... | 6 |
| R. | 8. Wetgewende Raad van Oos-Caprivi: Salarisse en toelaes van lede ... ... ... | 29 |


## CONTENTS


| No. | | PAGE |
|---|---|---|
| | **PROCLAMATIONS** | |
| R. | 6. Eastern Caprivi Legislative Council ... ... | 1 |
| R. | 7. Rules of Procedure for the Eastern Caprivi Legislative Council ... ... ... ... ... | 6 |
| R. | 8. Eastern Caprivi Legislative Council: Salaries and allowances of members ... | 29 |

Gedruk deur en verkrygbaar by Die Staatsdrukker,
Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria

Printed by and obtainable from The Government Printer,
Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria

1—3373